

E.M. KHAKETLA AS DRAMAKUNSTENAAR

deur

JOHANNES MALEFETSANE LENAKE

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Departement Bantoetale van die Universiteit van Suid-Afrika

Promotor: Prof. D. Ziervogel, M.A., D.Litt.(Pret.)

Datum van indiening: April 1973

I N H O U D

	<u>Bladsy</u>
DANKBETUIGINGS .....	iii
HOOFSTUK 1. Inleiding .....	1
HOOFSTUK 2. Die Dramatiese konflik .....	10
HOOFSTUK 3. Karaktertekening .....	31
HOOFSTUK 4. Dialoog .....	56
HOOFSTUK 5. Milieuskildering en Opvoerbaarheid ..	77
HOOFSTUK 6. Samevatting en gevolgtrekkings .....	92
BIBLIOGRAFIE .....	95
SUMMARY .....	98

DANKBETUIGINGS

Aan prof. D. Ziervogel, my promotor, vir sy geduld, en aanmoedigende leiding.

Aan mr. C.S. van Rooyen vir sy bereidwillige hulp en prikkelende besprekings oor die algemene beginsels van die letterkunde.

Aan dr. W.J. Kruger, mnr. C.P. Mkgokong en C.T.D. Marivate vir die insiggewende besprekings van die drama as kunsoort.

Aan my vrou, Limakatso, vir haar bystand en aanmoediging gedurende my studiejare.

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### Voorlopige opmerkings

1.1 Khaketla is een van die skrywers wat heelwat bygedra het tot die groei van Suid-Sotholetterkunde. Sy bydrae dek 'n wye veld. Hy het onder andere die volgende genres aangedurf:

- Novelles : Meokgo ya thabo (1952)  
Mosadi a nkgola (1959)
- Drama : Moshoeshoe le baruti (1947)  
Tholoana tsa sethepu (1954)  
Eulane (1958)
- Digkuns : Dipjhamathe (1954)
- Taalkunde : Sebopeho sa Sesotho (1950)  
Thapodiso ya Sesotho (1954)

1.2 Die doel van hierdie studie is om Khaketla as drama-kunstenaar te bestudeer. Derhalwe sal niks van die ander genres bespreek word nie.

1.3 Khaketla kan as een van die baanbrekers op die gebied van die dramakuns beskou word. Voor hom het die volgende skrywers iets in dié rigting die lig laat sien: A.M. Sekese: Pitso ya dinonyana (1928) en T.M. Mofokeng: Sekhona sa jwala (1939).

1.4 Sekese se werk besit sommige van die kernvereistes

van drama soos byvoorbeeld die dialoog en botsing. Die werk is egter nie streng volgens die Westerse manier van drama geskrywe nie. Die dialoog is byvoorbeeld gewoonlik baie lank en omslagtig. Dit is ook nie in verskillende bedrywe ingedeel nie. Mofokeng se werk aan die ander kant, toon 'n merkwaaardige vooruitgang in vergelyking met Sekese s'n. Hy behandel die konflik tussen tradisie en moderniteit. Die toneelstuk ontwikkel taamlik goed tot by 'n klimaks, maar die ontknoping daarvan is swak en onoortuigend. Die skrywer maak gebruik van 'n goedkoop toeval wat die werkie grootliks benadeel.

1.5 Nadat Khaketla bewus geword het van die feit dat

ho sa na le sekgeo se sehoho dibukeng  
tsa Sesotho, se tshwanetseng hore se  
thijwe

het hy Moshoeshoe le baruti (1947) die lig laat sien. Volgens die skrywer is die werk volgens die Westerse wyse geskryf.

#### Bewegredes in Khaketla se kuns

1.6 Die aangehaalde sitaat in die voorafgaande paragraaf wys op een van die motiewe wat Khaketla aangespoor het om dramakuns te beoefen. Hy was bewus gewees van die groot leemte wat in Suid-Sotho geheers het oor die drama as kunssoort. Talle skrywers wat voor hom geskryf het, het hulself gewoonlik op prosa toegespits, en die drama heeltemal links laat lê.

1.7 In Moshoeshoe le baruti soos die titel aandui, word die hoofklem op Moshweshwe die stigter en opbouer van die Sotho-volk gelê. Van hom sê die skrywer:

Ke fumana e le tshwanelo ya motho  
 e mong le e mong, a ka ba kae kapa kae,  
 ho rata, ho tlotlisa, ho boulela, le ho  
 ikgantsha ka lebitso la monna wa se=  
 bele, eo e neng e le mohale wa nnete, (p. vi)

(Ek vind dat dit elkeen toekom, waar hy/  
 sy ookal mag wees, om te bemin, prys,  
 verdedig en trots te wees op die naam  
 van 'n ware man, 'n man wat 'n ware  
 held was.)

1.8 Na aanleiding hiervan is Khaketla deur die Sotho-  
 volksleier en -krygsman besiel en aangespoor tot die skrywe van  
 die toneelstuk. Moshweshwe het byvoorbeeld Lesotho en die  
 Sothovolk gedurende die tydperk van die difaqane van ondergang  
 en uitwissing deur mense soos Tjhaka, Mzilikazi en Sekonyela  
 gered. Met die koms van die Trekkers in die Vrystaat, het  
 Moshweshwe se diplomاسie en integriteit verhoed dat Lesotho  
 deur die Trekkers ingepalm word. Moshweshwe was 'n liefheb-  
 ber van vrede. Toe hy van die Griekwas verneem dat daar mense  
 van oorsee was wat die Evangelie van vrede verkondig het, het  
 hy hulle dadelik na Lesotho laat oorkom. Dusdoende was hy die  
 eerste man wat die Christelike leer met al sy goeie invloede in  
 Lesotho laat kom het.

\* 1.9 'n Ander motief by Khaketla se kuns was om aan die  
 ander volkere te toon dat Suid-Sotho ook 'n volwaardige taal is  
 soos al die ander tale van die wêreld. Wanneer dit deur iemand  
 wat dit ken gebesig word, is dit in staat om die gedagtes van  
 die skrywer/spreker op 'n mooi en oortuigende wyse uit te bring.  
 Khaketla wou ook die Sotho self wakker skud en hom bewus maak  
 van die bruikbaarheid van sy eie taal as letterkundige middel.

Temas waaroor Khaketla se werke handel

(a) Geskiedenis

1.10 Moshoeshoe le baruti is gebaseer op 'n periode in die geskiedenis van Lesotho, naamlik die aankoms van die eerste Franse sendelinge in Lesotho (1833). Khaketla gee ons 'n beeld van die toestande wat in Lesotho geheers het, naamlik oorlogvoering onder die verskillende stamme soos die Zoeloe, Ndebele, Griekwas, Tlokwa en Sotho. Hy gee ons ook 'n kykie in die heidense toestande waarin die mense verkeer het.

1.11 Die dag toe die drie Franse sendelinge in Lesotho aankom, en voordat hulle by Moshweshwe se plek uitgekom het, kom hulle op ruïnes af van 'n stat wat die vorige dag afgebrand is. Die voorval het hulle baie verbaas en terwyl hulle nog daar so staan en hulself allerlei vrae afvra, het Mosala op die toneel verskyn. Uit die gesprek wat dan gevolg het, het hulle 'n antwoord op hulle raaisel gevind:

Mosala (ka letswalo): Oho, bengahadi ba ka,  
haeba le sa rate ho tela bophelo  
ba lona, balehang!

Arbousset: Re balehe ha ho entse jwang?  
Hlalosa!

Mosala (ka ho makala): O re le baleheleng?  
 Le tswa kae le sa tsebeng hore moo  
 ha ho sa le motho. Balehang bo!

Casalis: Re balehe ha e le eng? Batho ba  
 ile kae?

Mosala: Mme o shwetse mono, ntate o shwetse  
 mono; mohatsaka o shwetse mono le bana  
 ba ka; setjhaba sa heso kaofela se  
 shwetse hona mono (p. 49)

(Mosala (geskrik): O, menere, as julle nie wil  
 sterwe nie, vlug weg!

Arbousset: Waarom moet ons vlug? Verduidelik!

Mosala (ewe verbaas): Jy sê waarom moet julle  
 wegvlug? Vanwaar af kom julle as julle  
 nie weet dat hier niemand is nie. Vlug  
 tog weg asseblief!

Casalis: Waarom moet ons vlug? Waarheen is die  
 mense?

Mosala: My moeder het daar gesterwe, my vader het  
 daar gesterwe, my vrou en kinders het daar  
 gesterwe, my hele volk het daar gesterwe.)

(b) Veelwywery

1.12 Die Sotho is, vanweë sy kultuur, 'n veelwywer. In die ou dae is 'n man se status bepaal deur die aantal beeste wat hy besit het. Maar dit was nie net dit alleen nie. Sy rykdom het kom daartoe gelei om meer as een vrou te hê. Dit het sy status in die samelewing verhoog! Die vrouens, wat in

'n mate sekuriteit van hulle mans verwag, het gewoonlik gelukkig gevoel wanneer hulle met so 'n man kon trou!

1.13 'n Ander saak wat veelwywery aangemoedig het, is die feit dat 'n egpaar wat nie kinders gehad het nie, dikwels diep ongelukkig daaromtrent gevoel het. Aangesien die man gewoonlik die fout by die vrou gesoek het, of geglo het dat die fout by haar lê, het hy vir homself 'n tweede vrou gesoek. Indien die tweede vrou ook geen kinders gebaar het nie, het hy met die derde een getrou. Op dié wyse kon so 'n man maklik met vier of selfs meer vrouens trou.

1.14 By die kaptein het sake soos in die voorgaande gevalle verloop maar die gemeenskap het onder 'n sekere verpligting gestaan, naamlik dat hulle lobolo vir hul kaptein moes betaal. Die vrou is dan die Hoofvrou of Mmasetjhaba (moeder van die volk) genoem. Hierna kon die kaptein met net soveel vrouens as wat hy dit nodig geag het, trou. Dit het hy om die volgende redes gedoen:

- i) Die kaptein kon as gevolg van sy status nie deur die gewone onderdaan oortref word wat die aantal vrouens betref nie.
- ii) Die jonger vrouens moes toesien dat hulle die Hoofvrou in alle take bystaan. In werklikheid het sy weinig gedoen omdat die ander vrouens hulself soos bediendes teenoor haar gedra het.
- iii) Die kaptein was gewoonlik 'n welgestelde man. Hy kon

dit dus bekostig om meer vrouens en kinders van voedsel en ander huishoudelike benodighede te voorsien.

1.15 In sy Tholoana tsa sethepu en Bulane behandel Khaketla die vraagstuk van veelwywery en sy gevolge insake opvolging wanneer 'n kaptein tot sterwe kom op 'n baie treffende wyse. Die oplossing van hierdie aktuele probleem word in 'n mate benadeel deur die droomelement wat die skrywer inbring. Toeval speel ook 'n rol in albei hierdie toneelstukke - maar hieroor later meer.

(c) Bygeloof en voorvadergeeste

1.16 In Moshoeshoe le baruti kom ons sporadies gevalle teë wat dui op bygeloof en voorvadergeesaanbidding. Heel aan die begin van die eerste bedryf geseis Moshweshwe met sy raadsmanne oor die hewige droogte in sy land. Hulle vra mekaar af watter fout hulle dalk teenoor die voorvadergeeste begaan het. Poshodi se antwoord is dat daar vir 'n tydlank geen oorlog gevoer is nie. Dit is die rede waarom die voorvadergeeste vir hulle kwaad mag wees. Mohale bevestig Poshodi se antwoord. Moshweshwe wys egter daarop dat hy nie ten gunste van oorlogvoering is nie. As alternatief stel Poshodi voor dat hulle 'n jagekspedisie moet onderneem. Dit sal die reën laat val. Hieroor stem Moshweshwe en sy manne eenparig saam - 'n goeie voorbeeld van bygeloof!

1.17 Op bladsy 31 vind ons nog 'n voorbeeld van bygeloof waar Rampai oor die weerlig verhaal - die sogenaamde "Tladimothwana."

Ho na ho be jwang? Manganga ao a hae  
 a ne a tswaleng? Ntlo ya hae ya na ya  
 otlwa ke letolo le itse nte! ho se le  
 lerunyana feela; ra re re ka re re a e  
 tima ya hana ho timeha; ere ha re re re  
 phubula mollo ka mona, o tlole ka mane (p. 31)

(Hoe het dit gegaan? Wat het sy balhorigheid  
 veroorsaak? Sy huis is deur die weerlig helder  
 oor die dag getref. Daar was nie eens 'n wolkie  
 gewees nie. Ons het die vuur probeer uitblus  
 maar misluk. Wanneer ons dit hierdie kant  
 probeer het, het dit ander kant gebrand.)

Volgens die Sotho-opvatting besit sommige toordokters die mag  
 om iemand met die weerlig te dood. Die geloof was destyds so  
 sterk dat mense geglo het dat die vuur wat deur die weerlig ver-  
 oorsaak is, nie maklik uitgeblus kon word nie - vermoedelik het  
 hulle nie eers 'n poging aangewend om nader te gaan nie uit  
 vrees dat die noodlot hulle ook kon tref!

1.18 In Tholoana tsa sethepu gebruik Khaketla die geloof  
 in voorvadergeeste op 'n aanneemlike wyse om 'n oplossing vir  
 sy probleem te vind. Vir die mense wat nie veel waarde aan  
 die geloof in voorvadergeeste heg nie, is hierdie middel van  
 geen waarde nie. Maar vir die Sotho is dit heeltemal in orde  
 dat Matete se voorvadergeeste aan hom die werklike toedrag van  
 sake openbaar het. Wanneer 'n mens ernstig siek word, gebeur  
 dit dikwels dat sommige van sy voorvadergeeste hom besoek.  
 Dit is gewoonlik hulle wat beslis of die tyd aangebreek het  
 dat hy by hulle in die geesteswêreld moet gaan aansluit. Tot  
 vandag toe vind ons talle soortgelyke gevalle - selfs onder  
 sogenaamde kerkgangers.

1.19 Nadat Matete besluit het om Bulane ten gunste van  
 Mohapi te onterf, bevestig hy sy besluit met die volgende woorde:

Le bona badimo ba heso, moo ba leng  
teng, ba bile ba ntse ba bososela, ba  
bobotheha feela, ha ba bona ka moo ke  
sebeditseng ka nepo ka teng. (p. 27)

(Selfs my voorvadergeeste, waar hulle  
is, is besig om te glimlag, hulle lag lekker  
wanneer hulle sien hoe reg ek gehandel het.)

1.20 By die laaste toneel van die vyfde bedryf voer Matete 'n stryd aan met een van die voorvadergeeste. Aan hom is die waarheid bekend gemaak omtrent Bulane se lot. Hy weet nou dat Malokobe hom om die bos gelei het. In die aanwesigheid van Malokobe, Mohapi en Mosele roep hy uit:

Oh, se ka ntjheba jwalo hle! Motho enwa  
o a mpolaya bo! (p. 73)

(Ag, moet my tog nie so aansyk nie! Hierdie  
man maak my dood.)

1.21 Na 'n lang stryd met die voorvadergeeste verwyf Matete vir Malokobe oor die leuen wat hy aan hom vertel het. Die uur het nou aangebreek dat hy na die geesteswêreld toe moet vertrek. Voordat hy die laaste asem uitblaas, vertel hy:

Moreno o fetohile bosiu, o fetolwa ke toro.  
Badimo (o a feelwa) badimo ba eme ... ba a  
nkomanya ... phoso, Bulane ... morena. (p. 76)

(Die besluit is in die nag deur 'n droom verander.  
Die voorvadergeeste (hy sug) die voorvadergeeste  
staan ... hulle berispe my ... fout, Bulane ...  
kaptein.)

Kort hierna kom Bulane en sy moeder in, maar dit is al te laat. Matete sterf in elk geval in Bulane se arms, maar sonder dat hy daarin slaag om 'n woord te sê.

## HOOFSTUK 2

DIE DRAMATIESE KONFLIK

2.1 Die dramatiese konflik in Moshoeshoe le baruti wendel om die tradisie en moderniteit. 'n Mens kom dit vroeg in die eerste bedryf teë waar Poshodi die redes vir die droogte toeskryf aan die feit dat die Sotho nie meer oorloë voer of jagekspedisies onderneem nie. Hoewel Moshweshwe van niks beters weet as die genoemde redes nie, is hy teen oorlogvoering gekant. Hy verlang na iets meer waardevol, naamlik "vrede", maar weet nie hoe om dit te bekom nie. Hy gee wel sy toestemming dat Mohale en sy metgeselle op 'n jagekspedisie moet gaan, maar dit is te betwyfel of hy selfs hieraan veel waarde geheg het!

2.2 Die jagekspedisie is toe weg, maar na twee dae keer hulle terug saam met die Griekwas wat hulle op pad ontmoet het. Die Griekwas het al iets geweet van die Christelike leerstellings. Wanneer hulle by Moshweshwe se raadsmanne aankom en van die vrede wat in hulle land heers vertel, is dit 'n groot grap vir die veglustige Sotho. Hulle beskou die Griekwas as lafaards omdat hulle nooit oorlog voer nie. Maar agter hierdie gespot, lê tog iets diepers. Die Sotho admireer die Griekwas en verlang ook na sodanige vrede. Hier kry ons 'n goeie voorbeeld van kontrasterende gevoelens. Makwanyane sê dit uitdruklik wanneer Mohale na sy mening soek:

Seo nka se boilelang nna  
 ke hore, ke lakatsa eka  
 kgotso eno e jwalo e ka be  
 e le mona haeso, Lesotho,  
 eka boiketlo bono bo jwalo,  
 ba moo batho ba sa honohelaneng,  
 ba sa patelaneng, bo ka be bo  
 le mona haeso, Lesotho (p. 15)

(Wat ek wel kan sê is dat  
 ek wens sodanige vrede ook  
 hier by ons in Lesotho moes  
 gewees het. ek wens dat  
 sodanige gemak, waar  
 mense nie afgunstig is  
 teenoor mekaar nie, en ook  
 nie mekaar aanval nie, ook  
 hier by ons in Lesotho moes  
 gewees het.)

2.3 Krotz se verhaal dat die vrede wat in hulle land heers  
 deur 'n wapenrusting wat nie bloed laat stort veroorsaak is, is  
 heeltemal bo die Sotho se begripsvermoë. Poshodi dink aan  
 toordery en Sebata meen dat hulle besig is om te droom. Hy  
 vra:

Lona ha le le bakale, le  
 kile la se utiwa hokae sebetsa  
 se ke keng sa tsholla madi? (p. 17)

(Julle is vandag oud, en waar  
 het julle ooit van 'n wapen  
 gehoor wat geen bloed laat  
 stort nie?)

2.4 Voortaan ontwikkel die botsing van gedagtes wanneer  
 Krotz poog om die saak verder op te helder. Hy praat van wit=  
 mense en beskryf hulle hare en galaatskleur. Vir Moshweshwe  
 en sy mense is soiets heeltemal vreemd. Die enigste witmense  
 waaraan hulle kan dink is die albinos. Krotz vertel verder  
 van hul geleerdheid en dat hulle van oorsee afkomstig is. Dit  
 laat die Sotho meer wonder. Sebata roep uit:

Ke utlwa o nthiba ditsebe  
jwale. Na ho sa na le  
lefatshe le leng hape  
ka mose ho lewatle? (p. 19)

(Nou verstop jy my ore. Is  
daar nog 'n ander land  
oorkant die see?)

2.5 Die beperkte kennis van die Sotho aangaande die dinge wat nie in sy omgewing te vinde is nie, word baie mooi uitgebeeld. Die Sotho dra geen kennis van die lande oorsee, die skepe, die see self en hoe die mense oor die see vaar nie. Wanneer Krotz van „ditaba tsa Modimo” (sake van God) praat, dink Sebata aan „ditaba tsa badimo” (sake van die voorvadergeeste). Krotz wys op die onderskeid tussen „Modimo” en „badimo”, maar vir die Sotho is dit moeilik om dit te begryp. Selfs Moshweshwe is in die duister oor die saak, maar neem Krotz se woord aan en versoek hom om die sendelinge na Lesotho te laat oorkom.

2.6 Die bees het destyds 'n belangrike rol gespeel in die lewe van die Sotho. Vir die sendelinge wat hierheen gekom het, nie om te kom boer nie, maar wel om die Evangelie te verkondig, was die bees 'n bysaak. Maar Moshweshwe stuur hulle sommer van die staanspoor af 'n hele trop beeste — eenhonderd — om hulle te „koop” om na Lesotho te kom. Hier kry ons 'n geval van 'n botsing van waardes — die materiële teenoor die geestelike waardes.

2.7 In die derde bedryf verskuif die handeling na die sendelinge. Eers maak ons kennis met eerw. Kolbe en sy vrou op Philippolis. Kort daarna ontmoet ons die Franse sende-

linge. Op hulle reis na Lesotho, kom hulle op 'n afgebrande stat af. Dit gee hulle dadelik 'n beeld van wat gaande is in Lesotho — oorloë en onrus is aan die orde van die dag. Terwyl hulle nog so staan en wonder oor wat hulle daar gewaar, ontmoet hulle vir Mosala wie se meedoënlose optrede teenoor 'n gewonde Ndebelekrygsman hulle heeltemal verbysterd daar laat uitsien. Die krygsman se toestand het simpatie by die sendelinge opgewek, maar vir Mosala was hy 'n vyand wat hom woedend maak. Binne enkele oomblikke het hy sy kop met 'n groot klip verbrysel. Die daad is te gruwelik vir die sendelinge, maar Mosala helder sy optrede met die volgende woorde op:

Le re ke feela ke fofotsang  
 Mokone eo? Ha se feela, ke  
 llela mosadi wa ka le bana  
 ba ka, hammoho le mme le  
 ntate ba bolailweng ka sehloho  
 ke Bakone bana (pp. 49-50).

(Dink julle dit is verniet  
 dat ek hierdie Nguni vermoor?  
 Dit is nie verniet nie, ek treur  
 oor my vrou en kinders tesame  
 met my moeder en vader wat  
 op 'n gruwelike wyse deur  
 hierdie Nguni vermoor is.)

Die bedryf sluit af met die sendelinge terug in Philippolis by eerw. Kolbe se huis waar vrede en geluk heers.

2.8 By die vierde bedryf is die sendelinge gereed om na Lesotho te vertrek op Moshweshwe se uitnodiging. Wanneer die Sotho van die aankoms van vreemde mense verneem, dink hulle slegs aan 'n moontlike aanval en berei hulself voor om teen

die vyand te veg. Na verwagting moes die Sotho gejuig het, maar omdat die saak van die godsdiens vir hulle vreemd en vaag was, is hulle vol agterdog — moontlik het hulle al vergeet van die sendelinge se koms!

2.9 Moshweshwe stuur gou vir Makwanyane en Sebata om te gaan uitvind wie die vreemdelinge is, en tot elkeen se grootste blydschap, is dit nie die vyand nie, maar wel die sendelinge wat met die wapenrusting van vrede waarna hulle baie lank verlang het, kom. Die vrede waarna Moshweshwe oor die jare gesmag het, sal uiteindelik in Lesotho heers. Ewe bly roep hy uit:

Kajeno ke kgolwa hore re  
tla fumana "kgaitsemi kgotso",  
hoba ke kgale a lilewa (p. 76)

(Vandag hoop ek dat ons  
„suster vrede" sal vind, want dit  
is lank dat mense na haar  
verlang het.)

2.10 Die sendelinge word te midde van groot blydschap en opgewondenheid in Lesotho verwelkom. Daarna neem Moshweshwe hulle na sy huis toe. Ewe opgewonde en trots stel hy vir Casalis aan sy 31 vrouens voor. Hy verstrek redes waarom hy baie vrouens het, maar dit maak geen indruk op Casalis nie, want

.... molao wa Modimo  
ha o dumele hore motho  
a nyale basadi ba bangata.  
Le hoja o sa tsebe molao  
oo, o tla o tseba kajeno,  
ha e le mona re tlilo dula  
hara setjhaba sa hao (p. 94)

(.... die wet van God laat  
dit nie toe dat 'n mens met

baie vrouens moet trou nie.  
 Al ken jy nie daardie  
 wet nie, vandag sal jy  
 dit ken want nou kom  
 ons met jou volk saamwoon.)

2.11 Die konflik in die ander twee werke van Khaketla, naamlik Tholoana tsa sethepu (1954) en Bulane (1958) spruit uit die diepgewortelde emosie by die mens, naamlik jaloesia of afguns. Die intrige wat hy gekies het bied genoegsame botsende stof aan. In die eerste bedryf van die tweede boek vind ons uiterlike botsing waar Matete se twee seuns oor kapteinskap wil veg; dan kry ons in die eerste een 'n botsing van gedagtes wanneer Matete sy oudste seun, Bulane, wil onterf; innerlike konflik wat veral by Matete se vrouens te bespeur is, die botsing van lojaliteite wanneer Thankga en Mafafa die kaptein se voorname teengaan.

2.12 Volgens Bentley, om iets as drama te kan sien is

both to perceive elements  
 of conflict and to respond  
 emotionally to these elements  
 of conflict. (Bentley, 1969, p. 4)

Malokobe deel Matete mee dat sy oudste seun nie sy fisiologiese kind is nie. Die voorval verwek 'n tweestryd in Matete se goedstoestand. Hy wil vir Malokobe glo, maar aan die ander kant verkeer hy in twyfel. Hy waarsku dus vir Malokobe:

Tseba haeba o gala leshano  
 Tefo ya hao ke hlooho ya hao (p. 2)

(Onthou dat indien jy 'n leuen  
 vertel, jy die dood sal sterwe.)

2.13 Die vraag wat dadelik ontstaan is: waarom is Matete so maklik vatbaar vir die insident wat Malokobe hom meedeel? Ons voel dat die skrywer ons nie behoorlik vir hierdie saak voorberei nie. Die motivering ontbreek geheel-en-al. Die normale verwagting by ons is dat Matete eers daadwerklike stappe sal doen en die nodige ondersoek gaan instel om bewyse te bekom wat Malokobe se stelling bewaarheid. Maar helaas, dit kom ons nêrens in die werkie teë nie. Dit is 'n groot swaakteid in die boek! 'n Mens word waarlik waar kwaad vir Matete wanneer hy weier om ondersoek in te stel nadat sommige van sy raadsmanne (by. Thankga en Mafafa) sy aandag hierop gevestig het.

2.14 Die tweede bedryf begin taamlik onbevredigend. Matete se eerste vrou, Direko, voer 'n gesprek met Mafafa, een van Matete se raadsmanne. Mafafa lei die ontwikkeling van die toneelstuk af deur oor onbenullige sakies te gesels. Aan die einde van die gesprek het hy maar weinig gesê oor wat hy Direko wou meedeel. Hierdie wydlopiegheid onderbreek en vertraag die verwickeling en ontwikkeling van die konflik. Khaketla doen dit miskien ter wille van die behoud van die spanning, maar dit is juis dit wat die beoogde doel laat misluk, want Mafafa praat oor dinge wat nie ter sake is nie, en dit verveel die toeskouers.

2.15 Eers nadat hy weg is kom Bulane se vrou in en sy is die een wat Direko inlig oor wat aan die broei is. Nadat Mookgo weg is, kom Bulane in, bekommerd oor die skinderpraatjies wat in die stat die rondte doen.

2.16 Op hierdie stadium sou 'n mens verwag het dat Khaketla die konflik by Direko en haar seun Bulane baie sterk na vore moes uitbring het. Maar dit kry ons nie.

2.17 Teen die einde van die eerste toneel toon Bulane 'n mate van onrustigheid in sy dialoog met sy vriende Moleko en Kakana. Hy beweer:

Ho tsejwa hantle hore  
 bojalefa ba Matete ke bo  
 tswaletswe, empā ke  
 makala ha e le mona ho  
 bitswa dipitso tsa  
 ho tla bo hlomamisa. Ke  
 utlwa ke belaela, eka ho  
 na le ho hong ho  
 patilweng, hoo nna ke sa  
 ho tsebeng (p. 18).

(Dit is welbekend dat ek Matete se gebore erfgenaam is, maar wat my verbaas is die feit dat vergaderings belê word om opvolging reg te stel. Ek twyfel want dit lyk asof daar iets aan die gang is wat vir my weggesteek is, iets waarvan ek geen kennis dra nie.)

2.18 Die sitaat gee ons 'n kykie in wat in Bulane se sielelewe omgaan, dit is onbevredigend om die werklike konflik in iemand wie se toekoms op so 'n wyse bedreig word aan te dui.

2.19 In die derde bedryf stuur Matete sy twee seuns na sy oom, Majara, sodat Bulane kennis moet neem van wat hy (Matete) voornemens is om te doen. Nadat die seuns weg is, toon hy in sy alleenspraak aan dat hy nog steeds in twyfel verkeer, al het

hy gehoor gegee aan Malokobe se verhaal, en daarvolgens gehandel. Die twyfel is 'n aanduiding van 'n mate van innerlike konflik by hom. Hy sê byvoorbeeld:

Empa ho mmakatsang haholo  
ke hobane le hoja re sa  
nkgane ka letho tjena le  
yena, tshobotsing, seemong,  
lebaleng, le lentsweng, o  
nqetile tu. (p. 27)

(Wat my baie verbaas is  
dat hoewel ek en hy  
geen verwantskap het nie,  
is sy voorkoms, gestalte,  
gelaatskleur en die stem  
presies soos myne.)

2.20 Na hierdie toneel tree weer 'n daling in in die gang van sake. Ons word na Majara se kraal toe gevoer en die hele toneel is 'n blote verspeling van tyd. Die karakters by Majara se plek is besig met meulspel, en hulle gesprek het hoegenaamd niks met die toneelstuk te doen nie. Die toneel is heeltemal onvanpas in die bedryf.

2.21 Die vierde bedryf voer ons dadelik na die klimaks. Mafafa vertel die slegte nuus aan Direko en Bulane. Hy deel hulle mee dat Matete besluit het om Mohapi as sy opvolger en erfgenaam aan te wys in plaas van Bulane, die regmatige opvolger na sy dood.

2.22 Aanvanklik blyk Bulane toornig te wees oor die nuus. Moontlik omdat hy nie vir Mafafa wil glo nie want hy word gewoonlik as 'n valse nuusdraer beskou, of miskien omdat hy nie verwag dat soiets moontlik is nie. Wanneer Mafafa daarin

slaag om hom te laat glo, is hy radeloos en gefrustreerd. Hy kan slegs uitroep

Oho, banna (o sisa pelo).  
Ke se ke le ya shweleng! (p. 41)

(O, mense — hy sug — nou is dit  
klaarpraat met my!)

2.23 Na hierdie voorval ontwikkel die toneelstuk verder met Matete en sy raadsmanne in 'n hewige woordewisseling gewikkel. Matete verloor die stryd aan die einde van die gesprek. Daarna sloer die handeling deur Mosele (Mohapi se vrou) en Dipuo te laat gesels. Uit hul gesprek kan ons aflei dat daar 'n diepgewortelde haat en jaloesie tussen Matete se vrouens bestaan.

2.24 By die vyfde bedryf bereik die toneelstuk 'n ontknoping. Majara besluit die lot van Bulane en Mohapi deur volgens tradisie te handel. Bulane word as sy vader se opvolger aangewys — 'n teenslag vir Mohapi!

2.25 Op heelwat toevallige wyse ontwyk Matete die krisis wat hierna sou volg. Hy word ewe skielik ernstig siek. Daar op sy siekbed word die waarheid omtrent Bulane se lot deur die voorvadergeeste aan hom openbaar. Hy wil die saak van opvolging regstel, maar Malokobe en Mosele ontsê hom die geleentheid om dit te doen. Hulle weier om Bulane te laat roep. Later sterf Matete in Bulane se hande sonder dat hy eenmaal daarin geslaag het om 'n woord te uit.

2.26 Die einde is swak gemotiveerd en stel nie tevrede

nie. Dit sou miskien meer interessant gewees het vir die toeskouers om te aanskou hoe die krisis tussen byvoorbeeld Matete en Malokobe ontwikkel het na die openbaring van die waarheid. Matete het nou geweet dat Malokobe hom om die bos gelei het. Wat sou sy reaksie teenoor hom gewees het? Hoe sou Matete se twee vrouens hierop reageer het? Wat sou gebeur het indien Direko die rede vir Malokobe se optrede te berde gebring het? Watter mate van frustrasie sou Mosele (tweede vrou) en haar skoondogter belewe het? Hoe sou Mohapi onder die heerskappy van Bulane gelewe het nadat die berg 'n muis gebaar het, en sy toekomstige verwagtinge en planne so deur die mat geval het? Al hierdie vrugbare moontlikhede vir die nodige botsing — 'n kernvereiste in drama — is net hier en daar aangeroer en daareby gelaat sonder om verder ontwikkel te word. Dit is baie jammer dat Khaketla met al hierdie potensialiteite nie dieper in die vraagstuk van veelwywery kon delf nie.

2.27 Die onbevredigende einde waarna ons hierbo verwys, het Khaketla genoodsaak om 'n tweede toneelstuk te skryf, naamlik Bulane (1958). Die werkie is aangepak om die verhaal van Bulane en Mohapi voort te sit en behoorlik af te rond. Heel aan die begin van die werk word die dramatiese konflik vir ons mooi omlyn. Oppervlakkig beskou sou 'n mens dink dat die konflik tussen Bulane en Mohapi bestaan. Maar wanneer ons dieper in die saak delf, vind ons dat die konflik hier oor die vrou in 'n poligamiese huwelik gaan.

2.28 Bulane is nou kaptein in sy vader se plek, en volgens die Sotho-gebruik moet hy ook sy vader se jongste vrou,

Pulane, „erf" (ho kenela). Sy vrou, Mookgo, is heeltemal teen haar man se voorneme gekant. Sy gebruik allerlei planne om hom daarvan te laat afsien. Sy voer aan dat Bulane die feit dat hy gedoop is in gedagte moet hou, en dat hy volgens kerkwet nie met 'n tweede vrou mag trou nie. Hierdie voorval laat 'n mens dink dat die botsing hier oor die Christelike leen teenoor tradisie gaan, maar namate die toneelspel verder ontwikkel, vind ons dat dit nie die geval is nie. Mookgo sleep maar die godsdiens in die saak in as verskoning vir wat werklik in haar binneste omgaan, naamlik jaloesie teenoor die ander vrou met wie haar man wil „trou".

2.29 Normaalweg is die kind altyd bereid om na sy moeder se raad te luister. Bulane se moeder gryp in en probeer om namens haar skoondogter haar seun te soebat, maar alles is tevergeefs:

Mme, montswadi, taba eno ya Pulane,  
ya ho mo kenela, ha ho ka moo  
nka e fetang ka teng. Ke e  
rerile, ke e qetile, jwale ka  
ha ke kgolwa hore Mookgo  
o o boleletse. Le ho bua ka  
yona ke ho ikgathatsa feela (p. 16)

(Moeder, my ouer, omtrent daardie saak van Pulane om met haar saam te woon, kan ek onder geen omstandighede van plan verander nie. Ek het dit bedink en daarvoor besluit, en ek veronderstel dat Mookgo jou daarvan vertel het. Om nog verder daarvoor te praat is nutteloos.)

2.30 Hoewel Bulane voorgee dat hy 'n voorstander van tradisie is, is dit eintlik nie die geval nie. Hy skuil maar agter die tradisie as verskoning vir sy strewe om sy seksualite

te bevredig.

2.31 Mookgo is bereid om sekere toegewings te maak. Haar man kan byvoorbeeld vir Pulane met die volgende help: hy kan vir haar klere koop, met voedsel versorg en haar met menige huishoudelike benodighede help, maar

ha e le kenelong teng,  
oho, ako hate butle,  
Mokwena! - o itshela ka  
dikgapha (p. 17)

(dat julle saam moet woon,  
O, gaan asseblief stadig  
oor die klippe, Mokwena! -  
Sy bars uit in trane).

2.32 Khaketla het hier goed daarin geslaag om die botsing in Mookgo se innerlike lewe uit te bring. Mookgo weet goed dat volgens tradisie haar man verplig is om Pulane te versorg. Hoewel sy nie baie gelukkig daaromtrent voel nie, is sy bereid om dit te aanvaar, maar dat haar man seksomgang met 'n ander vrou moet hê, dit kan sy nie aanvaar nie. Myns insiens het ons hier 'n goeie voorbeeld van 'n konflik by 'n vrou, veral as sy 'n bepaalde status in die gemeenskap het. Al het Mookgo nie aan die koninklike geslag behoort nie, sou ons nogtans met haar gesimpatiseer het want haar lot is soortgelyk aan dié van talle ander vrouens wat hulleself in 'n poligamiese huwelik bevind.

2.33 Wat die konflik verder versterk, is die houding wat Bulane teenoor sy vrou inneem. Hy bekommer homself nie veel oor haar gemoedslewe nie. Hy gee ook nie veel om oor die trots wat elke vrou het as sy weet dat sy aan 'n bepaalde man be-

behoort nie. Hy sien geen rede waarom Mookgo so ontevrede is wanneer hy 'n tweede vrou wil neem nie, want

hojane o re o hlobotse, kapa  
o a lapa, kapa o re ke mo  
hanela ka tjhelete tsena tse  
newang baruti hore ba be  
mpa di kgolo, teng nkabe ke  
re o lliswa ke lebaka; empa  
sena se mo llisang ha se se  
nkamang le hanyenyane feela (p. 18)

(As sy gekla het dat sy nie  
klere het nie, of sy honger ly,  
of ek haar nie geld gee nie —  
die geld wat hulle aan  
die predikante gee sodat  
hulle groot mae kan ontwikkel  
— sou ek sê dat sy rede  
het om te kla, maar die  
ding waaroor sy nou hier  
kla traak my nie.)

2.34 Die konflik wat die vrou in die ou Sothogemeenskap belewe het, word telkens daardeur bewys dat die vrou dikwels die inisiatief geneem het om vir haar man die tweede vrou te kies. Die vrou wat sy dusdoende gaan kies het, was die een wat haar behaag het. Dit het 'n mate van versagting in haar sielelewe bewerkstellig om te weet dat haar man by 'n ander vrou slaap waarvan sy hou.

2.35 Die feit dat die vrou gedurig in 'n konflik oor haar lot verkeer, kom duidelik uit by Mohapi se vrou wat met haar skoonmoeder oor Pulane gesels:

Bosadi bo bohloko, hobane  
motho o jarwa ke pelo, empa  
matla a le siyo (p. 22)

(Dit is seer om 'n vrou te  
wees, want 'n mens word  
kwaad, maar dan het jy  
nie krag nie.)

2.36 Nadat Bulane sy sin gekry het deur Pulane as vrou te neem, bevind Pulane haarself in 'n konfliktsituasie. Sy het wel ingewillig om met Bulane saam te lewe, maar in werklikheid het sy 'n oog op Mohapi gehad. Mohapi kom dit later agter en sonder om tyd te verspeel, is hy en Pulane in 'n geheime liefdesverhouding betrokke. Maar ongelukkig vir haar is Mohapi nie so ernstig met die verhouding nie. Dit is vir hom net 'n bysaak. Die hoofsaak is om haar as instrument te gebruik om Bulane dood te maak. Aanvanklik verset Pulane haar hewig hierteen wanneer Mohapi met die voorstel vorendag kom. Op hierdie stadium verskyn die groot vent, Malokobe, op die toneel en dit neem nie lank voordat hulle vir Pulane oorhaal om saam te werk by die uitvoer van hulle moordplan nie. Pulane weer-spreek haarself soos volg:

Lerato leo ke ratang Morena  
 Mohapi ka lona le feta leo  
 a nthatang ka lona ha sekete,  
 le bohloko boo pelo ya ka  
 e bo utlwang ha ke bona  
 a sebeditswe hampe tjena,  
 bo feta boo a bo utlwang  
 ha sekete (p. 33).

(My liefde vir kaptein Mohapi  
 oortref duisend keer dié waarmee  
 hy my lief het; en die slegte  
 gevoel wat ek kry wanneer  
 ek sien hoe onregverdig hy  
 behandel word, oortref dié  
 wat hyself het duisend keer.)

2.37 Dat daar enige egtheid agter hierdie woorde skuil, is sterk te betwyfel. Sy sê dit net om verdere geredetwis met Malokobe en Mohapi te beëindig. Malokobe se dreigement dat indien sy nie wil saamwerk nie, hulle haar in die nag sal

vermoor, net haar tot hierdie uitlating gedwing. Dit kom glad nie uit haar diepste gevoel nie. Nadat sy toegestem het om Bulane dood te kry, verkeer sy nog steeds in twyfel. Sy voel dat dit teen haar sin is om Bulane te laat vermoor. Malokobe sien dit raak en ja haar die skrik op die lyf met die volgende woorde:

feela Pulane yena o tla llela  
metsotso, a nkgopole ka  
matsatsi a tlang, haeba o sa  
tla phela halelele (p. 33)

(Maar Pulane sal jammer  
wees, sy sal aan my dink in die  
toekoms indien sy nog lewe.)

Hierna maak Malokobe en Mohapi asof hulle wil loop. Pulane raak vreesbevange en keer hulle voor:

Butle, Mohapi! — o a ema, o  
mo eta ka pele. — O so kgolwa  
hore nka hana ho o thusa?  
Molemo wa hao ke a o tseba (p. 33).

(Wag, Mohapi! — sy staan op en  
keer hom voor. — Wil jy werklik  
glo dat ek kan weier om jou te  
help? Jou hulp ken ek.)

Dit stel Malokobe en Mohapi tevrede. Nou is hulle seker dat hul plan uitgevoer gaan word. Hulle is toe weg en Pulane is alleen agtergelaat — ewe peinsend. In haar alleenspraak vernem ons:

Empa ha e le hantle, ke hlile  
ke tsekang le Bulane? Ha  
ho letho leo ke le tsekang  
le yena; ke mpa ke le  
letsoho la Malokobe le Mohapi  
feela; nnete ke hore taba

ena ke e kene ka fole,  
 mme le letswalo la me le  
 hlile le nnyatsa haholo (p. 38)

(Maar in werklikheid, wat  
 is dit waaroor ek en Bulane  
 stry? Daar is niks kwaads tussen  
 my en hom nie, ek is  
 maar net 'n instrument vir  
 Malokobe en Mohapi; die  
 waarheid is dat ek teen  
 my wil in hierdie saak  
 ingegaan het, en my gewete  
 verhinder my baie.)

2.38 Terwyl sy nog so staan en alleen peins, kom Mohapi  
 terug. Hy wil weet waaroor haar gedagtes gaan, en haar ant-  
 woord is

ke lwana ntwa e kgolo;  
 ke ka hona o fumanang  
 ke ntse ke bua ke le mong,  
 ke se ke ka lehlanya (p. 39)

(ek veg 'n groot stryd;  
 daarom vind jy my hier  
 alleen staan en praat,  
 ek is nes 'n kranksinnige).

Pulane verkeer in werklike tweestryd. Daar is 'n innerlike  
 stryd wat ontbrand: sal sy werklik waar met haar eie hand  
 Bulane laat vermoor net om te voldoen aan Mohapi en Malokobe  
 se slegte moordplanne?

2.39 Mohapi hou homself doof hieromtrent. Bulane moet  
 gedood word. Arme Pulane het geen ander keuse nie as om ja  
 en amen te sê op alles wat Mohapi haar versoek om te doen.  
 Mohapi is daarna uit. Pulane dink nog steeds oor haar dilemma.  
 Later stap sy uit om die tyd by haar vriendin Mmantwa te gaan  
 verwyf. Na sowat 'n half uur kom sy terug en hervat haar  
 monoloog:

Lee lenyalo, ke moleko wa meleko!  
 See sethepu, ke moleko wa meloko!  
 Hojane ha ke a nyalwa, nkabe ke  
 iphelela hamonate, ke sa tshwenngwe  
 ke letho; empa ka baka la lenyalo,  
 mme le hara manyalo e le la  
 sethepu, moya wa ka o tubehile,  
 o kgathatswa ke sena seo ke  
 lokelang ho se etsa (p. 40).

(Hierdie huwelik, is 'n ware  
 versoeking! Hierdie veelwywery,  
 is 'n ware versoeking! As  
 ek nie getroud was nie,  
 sou ek lekker gelewe het,  
 en niks sou my gehinder  
 het nie; maar weens  
 die huwelik, en bowendien  
 veelwywery, is my gees  
 vertroebel, dit word gekwel  
 deur die daad wat ek  
 moet uitvoer.)

2.40 Pulane murmureer oor die probleem wat haar in die  
 oë staar. Sy verwyt haarself omdat sy ingewillig het om as  
 'n derde vrou met Matete te trou. Sy het haar kanse om met 'n  
 jongman te trou verspeel. Dit het sy gedoen omdat sy met 'n  
 kaptein wou trou – 'n man van status! Nou is hy dood, en sy  
 verkeer in ellende. Die krisis ontwikkel vinnig na die einde  
 toe. Dis die feesdag, die gif is gereed, Bulane is byderhand,  
 en sy moet net die gif gereed hê en dit aan Bulane en sy vriende  
 gee wanneer hulle vir die ete later in die dag kom. Maar die  
 gedagte teister haar so dat sy haarself nie langer kan beteuel  
 nie. Wanneer Malokobe wil weet hoe ver sy is met die vergif=  
 tigde kos, bars sy woedend uit:

Tloha ho nna, moleko! Ke  
 re ke ka wena ke ntseng  
 ke lla tjee! (p. 40)

(Gaan weg van my af, versoeker!  
 Dit is as gevolg van jou dat  
 ek hier staan en huil!)

2.41 Malokobe — 'n wreedaard — gee nie veel om oor Pulane se sielestryd nie, Bulane moet dood. Dit is al wat vir hom van belang is. Pulane is nou radeloos. Enersyds voel sy nie geneë om Bulane te vermoor nie, andersyds is Malokobe vir wie sy baie vrees, kort op haar hakke. Sy dink aan haar oorlede man, Matete en wens dat hy vanuit die geesteswêreld vir haar kon kom help; sy wil ook die Here aanroep, maar voel te nietig want hier is sy besig om 'n moordaan slag op 'n onskuldige man te beplan. Ja, nou is dit tyd dat Bulane moet kom eet. Sy moet dus gou spring en alles in gereedheid hê. Sy berei die twee hoenders voor, en strooi gif oor die een, sit dit weg en wag vir Bulane om in te kom.

2.42 Tot dusver het die skrywer daarin geslaag om die spanning te behou. Ons wag almal in afwagting om te sien wat nou gaan gebeur. Bulane en sy raadsmanne arriveer, ewe plezierig en opgeruimd. Mohapi en sy vriende kom ook in, en hulle begin saam drink en lekker met mekaar gesels. Hier kry ons 'n pragtige voorbeeld van dramatiese ironie. Bulane weet nie wat die toeskouers weet nie, naamlik die moordplan wat aan die gang is, en die innerlike konflik by Pulane om nou die moordplan te laat geskied. Die spanning laai steeds op. Ons wil graag sien hoe sake gaan afloop.

2.43 Op 'n toevallige wyse gee Pulane die hoender met die gif aan Mohapi-hulle. Bulane kry die „skoon” hoender. Mohapi en sy vriende sterf binne enkele ure daarna. Bulane en sy raadsmanne staan verbouereerd, verbaas en kyk as hulle agterkom watter noue ontkoming hulle gehad het.

2.44 Na aanleiding van die titel van die boek, Bulane, sou 'n mens dink dat Bulane die hoofkarakter is. Maar wanneer ons die dramatiese botsing in oënskou neem, vind ons dat die botsing nie soseer oor hom gaan nie. Hy staan as 't ware aan die kant van die toneel en tree hier en daar op om die verwikkeling en ontwikkeling van die toneelstuk te bevorder.

2.45 Ons ontmoet Bulane vir die eerste keer die dag toe hy as sy vader se opvolger te midde van 'n groot skare die troon bestyg. Daarna is hy in 'n stryd met sy vrou, Mookgo, gewikkel. En juis hier kry 'n mens dadelik die idee dat die dramatiese botsing nie soseer oor die hoofkarakter gaan nie, maar wel oor sy vrou. Wat ons aandag en simpatie hier oombliklik het, is die tragedie waarin die vrou haarself bevind. Volgens tradisie kan 'n man met twee of meer vrouens trou. Dit word ook van hom verwag om sy ouer broer se vrou of sy vader se jongste vrou te kenela (by haar ingaan) indien hy tot sterwe kom. Normaalweg lyk dit asof alles pluis is by sodanige huwelike. Maar op die keper beskou, is veelwywery alles behalwe aanneemlik vir die vrou. Die gevoel van vrou te wees en jaloesie wanneer twee vrouens 'n man moet verdeel, tree sterk na vore. Mookgo verset haarself heeltemal teen die man se voorstel om met Pulane te trou. Sy maak allerhande verskonings, en tog bly die werklike feit soos 'n paal bo water. Dat sy haar man met 'n ander vrou moet deel, kan sy glad nie aanvaar nie. Dit is hier waar die eintlike krisis in die toneelstuk vir ons lê.

2.46 Mohapi, wat ek as Bulane se teenstander sou gestempel, en wat 'n hewige stryd teen Bulane moes voer, is vir my ook te onoortuigend. Sy mureuring oor die kapteinskap wat hy ontsê is, wat goeie materiaal kon gewees het in die hande van 'n goeie kunstenaar, word ook nie verder as dit ontwikkel en deurgevoer nie. Hier kry ons weer eens, soos in die geval van Bulane, dat die hoofkrisis by die vrou, Pulane, te vinde is.

2.47 Van die derde bedryf af is dit Pulane wat die toeskouers se medelye en aandag gaandeweg meevoer. Pulane verkeer in 'n werklike sielkundige botsing. Malokobe en Mohapi tree op as uiterlike magte wat haar tot handeling dwing waarvoor sy nie goed toegerus is nie. Sy is uit die aard van die saak nie 'n slegte karakter nie. Die feit dat Malokobe en Mohapi haar dwing om Bulane om die lewe te bring, veroorsaak 'n groot stryd in haar geesteslewe. Sy verwyt haarself dat sy dit toegelaat het om met Matete te trou. Sy kry die onskuldige Bulane wat sonder 'n grondige rede vermoor moet word jammer. Sy voel dat sy nie by magte is om moord te pleeg nie. Uiteindelik blameer sy die feit van vrou te wees. Sy moet al hierdie onaangenaamhede verduur omdat sy aan die Evasgeslag behoort! Dit alles word meesterlik en oortuigend deur Khaketla geskets.

## HOOFSTUK 3

KARAKTERTEKENING

3.1 Archer noem twee kernvereistes by karaktertekening, naamlik dat daar ontwikkeling in die karakter moet plaasvind, en tweedens moet die emosionele lewe van die karakter duidelik uitgebring word. (Archer, 1960, p. 248.)

3.2 Wanneer ons Khaketla se karaktertekening van nader beskou, vind ons dat hy nie aan beide hierdie vereistes voldoen nie. In sy Moshoeshoe le baruti is die hoofkarakter, soos die titel van die boek aandui, Moshweshwe, die gewese kaptein van die Sotho. Dit lyk asof Khaketla veronderstel dat die lesers/toeskouers goed bekend is met hierdie hooffiguur sodat hy nalaat om hom behoorlik uit te beeld.

3.3 Ons maak met Moshweshwe kennis waar hy al 'n groot man is. Van sy geboorte en jeugjare verneem ons niks nie. As Khaketla ons miskien ingelig het oor Moshweshwe se opvatting omtrent oorlogvoering deur byvoorbeeld te verwys na die rede waarom hy Butha-Buthe moes verlaat om homself by Thaba-Bosiu te gaan vestig, sou ons kon begryp waarom hy teen oorlogvoering gekant was. Volgens die geskiedenis het hy na Thaba-Bosiu verhuis omdat hy moeg was vir die aanvalle van die Tlokwa- en die Zoeloestamme. 'n Mens mag wel dink dat Khaketla hierdie gedeelte opsetlik uitgeskakel het omdat die tema van sy werk oor die koms van die Franse sendelinge gaan. En tog in die derde bedryf, toneel III verwys Khaketla na

soortgelyke aanvalle.

3.4 Wanneer Poshodi en Mohale aan die hand doen dat hulle oorlog moet gaan voer sodat dit kan reën, antwoord Moshweshwe:

.... empa ha e le nwa ha  
ke e rate. Ke ntho e mpe  
haholo ho nna ho tsholla  
madi ka ntle ho lebaka (p. 2).

(Maar ek hou nie van  
oorlog nie. Vir my is dit  
'n lelike ding om bloed  
sonder rede te laat vloei.)

Maar volgens geskiedkundige oorlewing, ken ons Moshweshwe in sy jeugjare, veral nadat hy deur die inisiasieskool gegaan het, as iemand wat avontuurlik was. (Vgl. Kunene, 1971, pp. 1-2 en Becker, Peter 1969, pp. 14-24.) Waarom Moshweshwe ewe skielik besluit het om teen oorlogvoering gekant te wees, is deur Khaketla nie gemotiveer nie.

3.5 Khaketla het egter daarin geslaag om Moshweshwe in die regte omgewing te plaas. Moshweshwe se opvatting omtrent die oorsaak van die kwaai droogte, is dat die voorvadergeeste vir hom en sy volk kwaad is. Nadat hy homself teen oorlogvoering uitgelaat het, kom Poshodi met 'n tweede moontlike voorstel. Hulle moet 'n jagekspedisie reël. Hiermee stem Moshweshwe intuïtief saam. Ons hoor hom sê

Tjhe, jwale o buile ditaba  
tsa bonna, mme le nna  
ke a utlwisisa (p. 4).

(Nee, nou het jy soos 'n man gepraat, en dit verstaan ek.)

3.6 By monde van Mohale, een van sy raadsmanne, verneem ons die volgende omtrent Moshweshwe se persoonlikheid:

Hana manena chle a ba  
 Datsho, ha ho le ya mong  
 ya mo fetang ka borena,  
 mosa, setumo, le tse ding  
 tse jwalo. Ke morena ya  
 molemo naholo, ya ratang  
 batho (p. 8).

(Onder al die kapteins van die swart mense, is daar geeneen wat hom oortref in mag, vriendelikheid en dergelike meer nie. Hy is 'n baie goeie hartige kaptein, wat mense lief het.)

Khaketla het Moshweshwe as 'n kaptein met heelwat goeie eienskappe geteken. Hy hou tred met die tye waarin gelewe word. Nadat hy Krotz-hulle vriendelik ontvang en van voedsel voorsien het, deel hy hulle mee dat sy stat 'n vreedsame een is, maar hy aarsel nie om hulle te waarsku dat

ha a etla ho oona ka ntwā,  
 le yona o tla e nyathela (p. 13).

(As mens hierheen kom om te kom veg, sal jy ons gereed vind.)

3.7 Moshweshwe se kennis van die gebiede buitekant Lesotho is, volgens Khaketla, taamliek beperk. Vir hom behoort dié gebiede slegs aan die swart volke. Wanneer Krotz hom van die Griekwa vertel, vra hy ewe verwonderd:

Ke mofuta ofe wa ba Batsho? (p. 17)

(Watter stam van die swart mense  
is hulle?)

Of Khaketla dit hier reg het, is nie seker nie.

3.8 As hy van die witmense vertel word, raak hy meer  
verbaas en roep uit:

Batho ba basweu! A ke  
masofe? (p. 18)

(Witmense! Is hulle dan  
albino's?)

'n Verdere voorbeeld wat Moshweshwe se agtergrond, volgens  
Khaketla, aandui is sy onkunde aangaande Modimo. Moshweshwe  
druk dit uitdruklik uit dat die saak van Modimo vir hom taam-  
lik vaag is. Hy sê byvoorbeeld:

Le hojane ke sa utlwiseise  
hantle ha o bua ka "Modimo",  
nobane rona re tseba "badimo",  
empa !' fumana eka ke  
batho ba ka bang le thuso (p. 21)

(Alhoewel ek nie goed  
verstaan wanneer jy van  
„Modimo” praat, want ons ken  
die „badimo”, vind ek dat  
daardie mense van hulp  
kan wees.)

3.9 Hier begaan Khaketla sekerlik 'n fout. Miskien is  
hy beïnvloed deur skrywers soos Hunter wat die volgende te sê  
het omtrent die Pondo:

There is no proof that the  
Pondo, before contact with  
Europeans, believed in the

existence of any Supreme Being, or beings, other than the amathougo. (Hunter, 1936, p. 269.)

Hoewel die Pondo volgens Hunter nie 'n duidelike idee van die Opperwese gehad het nie, wil dit voorkom asof hulle die enigste stam was onder die Bantoevolkere wat geen kennis van 'n Opperwese gedra het nie. Die Zoeloes het byvoorbeeld Unkulunkulu gehad wat hulle, aldus Krige, as die „Creator“ of „First Cause“ beskou het. Sy sê:

If a Zulu is asked about the origin of man and the world, he will say Unkulunkulu made all things or, more often, that "Unkulunkulu broke off" from a bed of reeds first, and then all men broke off. (Krige, 1936, p. 280.)

3.10 Eiselen en Schapera steun Krige hoewel dit duidelik is dat Hunter se opvatting hulle in 'n mate beïnvloed het. Hulle sê byvoorbeeld:

The Tswana and Southern Sotho speak of Modimo, but their conceptions of this being have been so affected by the missionary teaching that it is now almost impossible to obtain any clear idea of his traditional attributes. (Schapera, 1937, p. 264.)

Hierdie stelling dui daarop dat daar tradisioneel sprake was van Modimo. Wanneer hulle verder oor die saak uitwei gee hulle te kenne dat die mening wat die Zulu in die ou tyd gehuldig het omtrent Unkulunkulu, ook onder die Sotho gehuldig

is. Hulle sê byvoorbeeld:

Earlier information depicts him as somewhat similar to the high gods of other groups. He was regarded as "the Creator, Originator, and Cause of all things", "the giver of all things". (Schapera, 1937, p. 264.)

3.11 Hierdie standpunt word verder deur Soga bevestig.

uDali, aldus Soga,

is the creator of all things, controls and governs all, and as such is the rewarder of good and the punisher of evil. Worship is never directly offered to Him, but through the medium of the ancestral spirits, who in the unseen world are near to Him, and know more than men on earth. (Schapera, 1937, pp. 263-264.)

Eiselen en Schapera (Schapera, 1937, p. 264) meen dat hierdie geloof goed pas by die geloof van ander Bantoe-groepe, en hulle is heeltemal korrek! Ashton se betoog oor die Suid-Sotho bewys dit. Hy sê:

The traditional Sesuto conception of God was of a very distant being, situated somewhere in the heavens, too remote and too aloof to pay much attention to man and his petty affairs, although prayers for his help were made in time of drought or sickness and by barren women. (Ashton, 1967, p. 116.)

Die hele praktyk van voorvadergeesaanbidding is hierop gebaseer. Ek is bevrees Hunter se mening oor die saak beland in die waarwater. So ook word Khaketla se uitbeelding van Moshweshwe oor hierdie saak die bodem ingeslaan. Moshweshwe moes iets van Modimo geweet het. Daaroor is daar geen twyfel nie. In sy strewe om 'n kontras tussen die Christelike leer en die tradisionele godsdiens daar te stel, het Khaketla die saak te ver gevoer en dit heeltemal onrealisties daar laat uitersien. Dit doen oneer aan Moshweshwe se persoon. Die mens in drama, aldus Minnaar „moet dramatiese moontlikhede besit, dit wil sê goeie sowel as slegte eienskappe, mense van gelyke beweging as die toeskouer wees om meelewing te waarborg". (Minnaar, 1956, p. 66.) Maar wat Khaketla met Moshweshwe hier gedoen het, kan so 'n meelewing glad nie waarborg nie.

3.12 „Dit is die mens wat van belang is in die drama en nie die gebeurtenis, die boodskap of die idee nie", gaan Minnaar verder. (Minnaar, 1956, p. 66.) Maar Khaketla lê meer klem op die boodskap of die idee. Sy strewe is om die gedagte of probleem waarmee die eerste sendelinge in Lesotho te kampe had by die toeskouer tuis te bring -- vandaar die fatale fout hierbo bespreek.

3.13 Die Sothospreekwoord lui: „lentswe la morena le ahelwa lesaka" (Om die kaptein se woord word 'n kraal gebou). Dit kan ons sê van Moshweshwe, maar te danke aan sy aangename persoonlikheid kon hy sy onderdane se samewerking selfs onder uiterste omstandighede benut. Die sethabathaba ('n spesiale belasting wat die kaptein hef) is tweemaal deur die Hottentotte

gebuit toe die sendelinge gehaal moes word, maar sonder enige murrering het die mense vir die derde keer die sethabathaba gegee.

3.14 In die laaste bedryf het Khaketla op 'n bekoorlike wyse vir ons 'n ware Mosotho -- 'n veelwywer -- geteken. Ewe bedaard stel Moshweshwe die sendeling, Casalis, aan sy baie vroue voor:

Enwa ke Mmamohato. Ke  
yena mosadi wa ka wa  
matswathaka. Bana ke ba  
mo hlahlamang. (Ho  
kena basadi ba mashome  
a mararo, ba latelane ka  
ho hlahlamana ha bona) (p. 94)

(Hierdie een is Mmamohato.  
Sy is my oudste vrou.  
Hierdie volg haar op --  
Dertig vrouens kom in  
volgens hulle rang.)

3.15 Nadat hy sy sê gesê het om veelwywery op te helder,  
sluit hy af deur die sendeling te vra:

Na le lona le nyala basadi  
ba bangata jwale ka rona  
Basotho? (p. 94).

(Trou u ook met baie  
vrouens soos ons, die Sotho?)

3.16 Die stuk is emosioneel belaaï. Ons veronderstel vir onself wat in Casalis se binneste omgegaan het. Hy is 'n belydende Christen, en volgens die Westerse kultuur is so iets ongehoord, dit is bowendien teen die wet van God. Casalis het moontlik vir Moshweshwe jammer gekry oor sy onkunde of hom

verag oor die snaakse praktyk of die probleme in oënskou geneem waarmee hy opgesaai sou moes gaan sit. Die vraag of die blankes ook met baie vrouens getrou het, moes hom sekerlik langelê het.

3.17 Die newekarakters in Moshoeshoe le baruti is so geteken dat hulle met hulle dialoog en handeling daartoe bydra om Moshweshwe as persoon bokant die deursnee Mosotho te plaas. Hulle is primitief, oorlogsugtig en hulle kennis aangaande die gebiede buitekant Lesotho is baie beperk.

3.18 Poshodi skryf die kwaai droogte aan nie-oorlogvoering toe, en Mohale bevestig dit. Wanneer Krotz van die sendelinge praat en hoe hulle vrede in Lesotho kan bring sonder om oorlog te voer, fluïster Sebata aan Mohau en Mohale op 'n neerhalende wyse dat Krotz besig is om te droom. Hy beweer:

Lona ha le le bakale,  
le kile la se utlwa hokae  
sebetsa se ke keng sa  
tsholla madi? (p. 17)

(Julle wat vandag so  
oud is, waar het julle  
ooit gehoor van 'n  
wapen wat nie bloed  
laat vloei nie?)

3.19 Krotz gaan verder en vertel van die witmense en ander lande oorsee. Dit alles is bokant hulle begripsvermoë. Maar, soos in die geval van Moshweshwe, herhaal Khaketla weer die fout dat die Sotho van daardie tye nie kennis van Modimo gedra het nie. Hierdie idee moet verwerp word. Dit is onwaar wat Khaketla van hierdie karakters sê!

3.20 In Tholoana tsa sethepu teken Khaketla vir ons Matete, die hooffiguur taamlik swak. Hy beeld hom as 'n „plat" karakter uit. Malokobe die antagonis deel hom mee dat Direko (Matete se hoofvrou) beweert het dat Bulane nie Matete se fisiologiese kind is nie. Ons sou eerder verwag het dat ander vrouens dit moes sê, en dit alleenlik wanneer hulle haar beskind. Uit wat ons later sal leer ken aangaande haar karakter en houding as vrou, sal hierdie punt bevestig word.

3.21 Nadat Matete die nuus verneem het, besluit hy om Bulane te onterf. Hieroor stem ons nie saam nie. Khaketla het ons nie hiervoor voorberei nie. Matete se optrede is glad nie gemotiveer nie. Die saak van opvolging is 'n belangrike een, en geen kaptein het die mag om op eie houtjie tot sodanige besluit te kom en hoop dat dit aanneemlik gaan wees by sy raadsmanne nie.

3.22 Thankga, een van die raadsmanne vermaan die kaptein en raai hom aan om eers ondersoek te laat instel alvorens hy tot 'n besluit kom. Indien Matete sy status waardig was, moes hy op hierdie stadium agtergekom het dat Malokobe se storie onwaar was. Malokobe beveel Thankga om te swyg want

Tsena ke di boletseng ditaba  
 Ha di sa ho hloka no ka  
 batlisiswa.  
 Bo pepeneneng ba tsona botaba (p. 3)

(Hierdie saak wat ek  
 van vertel  
 het geen verdere ondersoek nodig nie  
 Die waarheid daaromtrent is ooglopend.)

Hierna wand hy hom tot die kaptein, en asof hy met 'n klein seuntjie praat hoor ons

E nepahetse kahlolo, sebata (p. 3)

(Hy (die besluit) is heeltemal korrek, kaptein.)

3.23 Die rede waarom Matete so mooi gehoorsaam, maak Khaketla nie aan die toeskouer bekend nie. Hy suggereer dit nie eens nie. Ons weet nie hoe dit gekom het dat die vertroue wat Matete in Malokobe het so heg en groot moet wees nie. Khaketla maak Matete 'n „pop" vir wie Malokobe na willekeur heen en weer rondstuur.

3.24 Sielkundig beskou, ly Matete aan 'n kwaai minderwaardigheidsgevoel. Wanneer Sesedi hom meedseel dat Majara nie dadelik kan kom nadat hy (Matete) hom laat roep het, roep hy uit

Ke lang le ka fetang taelo ya ka?  
Ke a bona hore mosanyana ona  
o kang wa baruti ha e se ke  
o tlohele, hobane batho ba  
ntlhwa hlocho (p. 24)

(Watter rede is belangriker  
as my bevel? Ek dink  
en gaan ophou om  
vriendelik te wees, want  
die mense speel op my  
kop.)

Geen kaptein wat sy amp waardig is sal so 'n gevoel kry nie. Dit is alleenlik wanneer daar iets aan 'n mens haper dat hy so kan dink en voel. 'n Kaptein onder die Bantoe het deur die eeue altyd volle respek van sy onderdane geniet. Khaketla se kaptein is blykbaar die enigste wat geminag word. Malokobe

is moontlik bekend met die onbestendige persoonlikheid van Matete, en daarom is dit so maklik vir hom om die kaptein so te hiet en gebied.

3.25 'n Verdere voorbeeld wat die lig op Matete se emosionele lewe werp, vind ons in sy monoloog waar hy beken dat Direko en Bulane vir hom baie dierbaar is. Maar nou duik die vraag by ons op: indien dit waar is wat Matete sê van sy vrou en seun, waarom is hy nie gretig om die saak eers te laat ondersoek om homself tevrede te stel dat wat Malokobe hom meedeel werklik waar is nie. Nee, dit doen hy nie. Hy is net gretig om die saak van opvolging te beslis en Mchapi as sy opvolger aan te wys.

3.26 'n Mens word vir hom ergerlik wanneer hy uitroep:

Oeto ena eo ke e entseng,  
ka ho utlwa tsa Malokobe,  
ke e ke keng ya hlola e  
etsellwa le ha maru a ka wa (p. 27)

(Hierdie besluit wat ek gemaak  
het, nadat ek deur Malokobe  
meegedeel is, sal nooit  
verander word nie, al val  
die wolke.)

Ons het hierbo verwys na wat in Matete se gemoed omgegaan het. Hy hou van Bulane. Ons kom geen voorval in die werk teë waar Khaketla 'n aanduiding gee dat daar 'n mate van wrywing was tussen vader en seun of tussen man (Matete) en vrou nie.

3.27 'n Ander voorbeeld wat aandui dat Matete 'n swakkeeling is, is wanneer hy na die voorvadergeeste verwys:

Le badimo ba heso, moo ba  
leng teng, ba dile ba ntse  
ba bososela, ba bobotheha  
feela, ha ba bona ka moo  
ke sebeditseng ka nepo ka  
teng (p. 27)

(Selfs my voorvadergeeste,  
waar hulle is, is besig om  
te glimlag, en skaterlag,  
as hulle sien hoe goed ek  
opgetree het.)

Geen voorvadergeeste sal bly voel oor die optrede van so 'n dwase leier nie! As hy self die onthulling gemaak het, en daarna in oorlegpleging met sy volk of raadsmanne tot sodanige slotsom geraak het, sou die voorvadergeeste dit miskien aanvaar het.

3.28 In die derde bedryf, toneel I, verkeer Matete weer eens in 'n botsende situasie. Hy beken en openbaar 'n groot mate van twyfel oor wat in sy binneste omgaan met hierdie woorde:

Empa ho mmakatsang naholo  
ke hobane le hoja re sa  
nkgane ka letho tjena le yena,  
tshobotsing, seemong, lebaleng,  
le lentsweng, o nqetile tu (p. 28)

(Maar wat my baie verbaas,  
is dat alhoewel ons niks  
van mekaar is nie, hy in  
voorkoms, gestalte, gelaats-  
kleur en die stem, presies soos  
ek lyk.)

3.29 Indien Khaketla hom nie swak uitgebeeld het nie, sou die wyse waarop hy nou dink en twyfel hom van mening laat verander of die ondersoek laat instel het voordat hy 'n besluit kon neem.

3.30 Khaketla het Matete so swak geteken dat hy voldoen aan Bacon en Breen se omskrywing van 'n plat karakter:

The flat or static character seems to possess a single dominant and unchanging trait; he may or may not seem so sharply outlined as to be a caricature, but certainly flat characterization moves in the direction of caricature. (Bacon and Breen, 1959, p. 219.)

3.31 Matete het verskeie kere duidelik aangetoon dat hy ongelukkig is met die verloop van dinge, maar vind dit onmoontlik om die saak in 'n ander lig te beskou. Hy het nie die vermoë om dit te doen nie want hy besit 'n „single dominant and unchanging trait.“ Hy het klaar beweer dat hy nooit van opinie sal verander nie

le ha maru a ka wa (p. 30)

(al kan die wolke val).

3.32 Mafafa is uit die aard van die saak, 'n onnosele. Maar wanneer hy van Matete se besluit verneem, wil hy hom vermaan om dit nie uit te voer nie. Hy waarsku hom:

Se lahlwe ke batho, mamela  
keletso: Bulane ke kgosi, Mochapi  
kgosana (p. 30)

(Mosnie deur mense mislei  
word nie, luister na my  
raad: Bulane is kaptein,  
en Mochapi 'n onderkaptein.)

Maar omdat Matete neuroties is, ag hy die waarskuwing as 'n teken van ongehoorsaamheid van Mafafa se kant af. Hy ver-

onderstel dat Mafafa te groot vir sy skoene geword het. Hy doen dit alles want

Ke itlwaeditse diphogo haholo,  
hoo di seng di sa ntshabe (p. 30)

(Die onnosele is my te gewoond,  
hulle is nie meer bang vir my nie.)

3.33 In die vierde bedryf, toneel II, protesteer Thankga nog hewig teen Matete se voorneme. Hy wil weet watter kwaad Bulane gedoen het om so 'n straf te verdien. Matete verhaal die rede en beveel hom om te swyg want hy laat sy hart bloei, maar Thankga wil nie ophou nie. Dit bring Matete tot nadenke. Malokobe en Tladi hits Malokobe aan om aksie teen Thankga te neem, maar elke keer antwoord hy

Butleng! Butleng bo! (p. 47)

(Wag 'n bietjie, wag 'n bietjie tog.)

Vir die eerste maal kom Matete tot sy bewussyn, maar nie vir 'n lang tyd nie. Wanneer Mafafa soos Thankga ook sy protes bekend maak en hom (Matete) waarsku dat hy vir Malokobe moet oppas, raak hy woedend en verdryf hulle almal uit sy huis. Hy maak die deur agter hulle toe. Daar in sy eensaamheid kan hy nie verstaan waarom sy getroue raadsmanne in opstand teen hom is nie. Hy gee te kenne dat voor Bulane se voorval hulle hom te alle tye getrou bygestaan het. Hy kan tot op hierdie stadium geen fout by hom vind nie. Hy kan maar slegs uitroep:

Banna, e ka ba ke soto hakaakang! (p. 50)

(Mense, hoe ongelukkig is ek dan!)

Voorwaar, 'n dwase is hy!

3.34 Wadat Matete so balhorig opgetree het teenoor al sy raadgewers (Thankga, Mafafa en Majara) word hy die waarheid deur die voorvadergeeste aangewys. Soos Styan dit illustreer, neem „plat” karakters hulle toevlug tot die bonatuurlike.

Styan wys verder daarop dat

it is clearly no disgrace  
to draw a flat character,  
as long as he serves his  
purpose. (Styan, 1965, p. 68.)

Maar dit kan ons nie beweer van Khaketla nie. Sy doel met die tekening van Matete as 'n swakkeling dien nie 'n duidelike doel nie. Ons kan glad nie verstaan waarom Matete so parmantig is terwyl hy geen bewys het oor die saak van Malokobe nie. Khaketla het, sonder om te motiveer, Matete baie astrant daar laat uitsien, en dit oortuig niemand dat 'n kaptein so dwaas kan optree en daarmee volhou nie. Khaketla het Matete as swak en negatief geteken, en die gevolg is dat hy nou nie meer weet hoe om hom uit die hoek waarin hy hom gejaag het, uit te kry nie. En omdat hy dit onmoontlik vind om 'n ontkenning vir Matete se krisis te verkry, maak hy gebruik van die Deus ex machina om 'n oplossing te bewerkstellig. Malokobe wat gedurig deur koning oor Matete gekraai het, keer dat die krisis op hierdie wyse opgelos word. As gevolg hiervan was Khaketla verplig om die verhaal in 'n tweede toneelstuk, Bulane, voort te sit.

3.35 In Tholcana tsa sethepu het ons vlugtig met Bulane kennisgemaak. Bulane, soos sy vader Matete, word ook taamlik swak vir ons geteken. Sy vader se raadsmanne speel nog 'n vernames rol tydens sy troonbestyging. Met die hulp van die slim en ervare Majara, word Bulane as kaptein aangewys.

3.36 Soos menige Sothokaptein, wil Bulane sy vader se jongste vrou vir homself neem (ho kenela). Sy vrou is nie ten gunste daarvan nie. Sommige van sy raadsmanne raai hom aan om gehoor aan sy vrou se versoek te gee, maar hy weier beslis:

Tjhe, hoo nke ke ka ho etsa (p. 14)

(Nee, dit sal ek nie doen nie.)

Soos talle Sothomans sê hy:

Keletso tsa basadi ha di a loka.  
Ke batho ba hlokang kelello  
ka mokgwa o makatsang (p. 14)

(Vrouens se raadgewings is  
nie goed nie. Hulle is baie  
onverstandige mense.)

3.37 Wanneer sy moeder en vrou (Mookgo) hom privaat oor hierdie saak spreek, sê hy dit pront uit dat dit vir hom onmoontlik is om van opinie te verander. Weer eens beklemtoon hy dit soos 'n deursnee Sotho sou doen:

Ba ke buile ke buile,  
mme ke sitwa ho kgutlisa  
mantswe ano ao ke seng  
ke a buile (p. 17)

(As ek gepraat het, het  
ek gepraat, en kan nie die

woorde wat ek gespreek  
het terugtrek nie.)

3.38 As Mookgo en Direko hom daaraan herinner dat hy 'n Christen is, antwoord hy dat Christendom by hom 'n bysaak is. Hy wil volgens tradisie optree want

ke rata hore ha ke eshwa  
ke tle ke ye moo bontatemoholo  
ba ileng teng. Ba shwele ba  
sa sokoloha, ba kenela; le  
nna ke tla shwa jwalo ka  
bona, ke sa sokoloha, ke kenela,  
ke tle ke ye moo ba ileng (p. 18)

(Ek wil hê die dag as ek sterf  
moet ek gaan na waar my  
oupa-hulle gegaan het. Hulle  
is onbekeerd dood; hulle  
het die leviraat beoefen;  
ek ook sal soos hulle  
sterf, onbekeerd, die leviraat  
beoefen sodat ek kan  
gaan waarheen hulle  
gegaan het.)

3.39 Bulane se opvatting aangaande die vrou, is dat sy 'n minderjarige is wie se raad deur geen man wat sy sout werd is aangeneem hoef te word nie. Oor haar sielelewe gee hy nie veel om nie. As Mafafa hom soos Mookgo en Direko ook raad wil gee, sê hy ewe koppig:

nna ke re le ha a rata kapa  
a sa rate, morero ono ke tla  
o phetha ka moo ke rerileng  
ka teng (p. 19)

(Ek sê of sy dit wil hê of nie,  
daardie voorneme sal ek  
uitvoer soos ek besluit het.)

3.40 Tot sover het Khaketla vir Bulane mooi uitgebeeld. 'n Vrou is by hom nes 'n kind of iemand sonder enige gevoelens!

3.41 Wanneer Bulane met ander mans vergelyk word, is hy taamlik swak uitgebeeld. Voor sy vader se dood het hy agtergekom dat Malokobe en Mohapi teen hom gekant was. Ons wil ons ore amper nie glo wanneer ons die volgende woorde uit Bulane se mond hoor nie:

Ke thabetse ho kopana le  
wena ha mmangwane mona.  
.....  
Ke hore o ntlhatswitse pelo  
ena, ngwaneso (p. 42)

(Ek is bly om jou hier by my  
tante te ontmoet .....  
.....  
Jy het my regtig bly gemaak,  
my broer.)

3.42 Soos 'n regte swaap gaan hy verder:

Ka nnete, ngwaneso, ha o ka  
ya ka batho o ka lahleha.  
Ke o rata haholo, Mohapi, o  
a utlwa? Ke re ke o rata  
haholo, madi eso (pp. 42-43)

(Regtig my broer, as jy volgens  
mense se praatjies kan optree,  
sal jy verdwaal. Ek hou van  
jou, Mohapi, hoor jy? Ek hou  
baie van jou, my bloedverwant.)

3.43 Khaketla het vir Bulane as 'n swaksinnige uitgebeeld. Ons verwag dit nie van Bulane om Mohapi so te prys nie. Hulle was saam toe hulle vader hulle na Majara toe gestuur het. Later het Mafafa vir hom die hele storie vertel van hoe Matete hom van die troon wou afsit ten gunste van Mohapi. Hy verbaas ons al hoe meer wanneer hy ook 'n goeie woord vir Malokobe het:

Ke wena motho eo e  
neng e le setshehetso sa ntate (p. 43)

(Jy is die een wat my vader  
se stut was.)

Kan dit Bulane wees wat so van Malokobe dink nadat Malokobe hom die geleentheid ontsê het om sy vader te sien kort voor sy dood? Met sy troonbesetting het Malokobe en sy span hulle teësin duidelik aangedui. Ould beweer:

The first word uttered by  
a character must be true to  
the whole conception, and the  
more they can reveal of the  
character without sacrificing  
credibility the better. (Ould, 1948, p. 76.)

3.44 Wanneer Bulane alles wat hy aan Mohapi en Malokobe wou sê gesê het, begin ons agterdochtig raak. Hy is nou kaptein, en volgens die kulturele gedragspatroon, sou ons eerder verwag het dat Bulane 'n poging sou aanwend om sy vyande van die gras af te maak of hulle te alle tye dop te hou om te verseker dat hulle hom nie sou benadeel nie. Maar hy tree nie so op nie, en tog, volgens Ould,

In the well-made play,  
characters are expected to  
behave like human beings.  
(Ould, 1948, p. 75.)

3.45 Khaketla het Bulane op hierdie wyse laat optree omdat hy moontlik die werk wou beëindig. Bulane wat aanvanklik baie slim was toe hy met die vrouens gepraat het, is eweskielik 'n esel wanneer hy saam met Mohapi en Malokobe is. Hierdie toedrag van sake is nie behoorlik deur Khaketla gemotiveer nie.

3.46 Wat Malokobe as karakter betref, het Khaketla hom te veel van 'n held gemaak. Dwarsdeur die twee werke vervul hy 'n dominerende rol. Matete, die kaptein, staan direk onder sy heerskappy, hy vertel hom 'n leuen, en sonder enige aarseling aanvaar Matete dit. As Thankga iets wil sê om die kaptein te help, roep Malokobe uit:

Kgutsa, Thankga! O lahla morena! (p. 3)

(Bly stil Thankga! Jy mislei die kaptein.)

En aan Matete:

E nepahetse kahlolo, sebata (p. 3)

(Die besluit is korrek, kaptein.)

Matete bevestig Malokobe se bewering soos iemand wat hom vrees. Hy kan nie teenpraat nie. Die groot man, Malokobe, het gepraat en na hom moet geluister word:

Matete: Wena, Thankga, ka tsebe  
ke utlwile,  
Ya me kahlolo na e sa fetoha (p. 3)

(Jy, Thankga, met my oor het ek gehoor, my beslissing kan nie verander word nie.)

3.47 Malokobe bestuur Matete se optrede tot sy dood toe. Na sy dood is hy Mohapi se leier en raadgewer. Mohapi, en later Pulane, is Blote verkeersligte in Malokobe se hande. Die enigste aanduiding wat Khaketla vir ons gee is dat Malokobe 'n baie sterk persoonlikheid het. Hy word deur almal gevrees, en tog verneem ons nêrens in die twee werke waar hy dae wat

vrees in 'n mens opwek, verrig het nie. Hy word net gevrees omdat hy voorgee asof hy kwaai is wanneer hy met 'n mens praat. Selfs die toordokter van die stat vrees vir Malokobe. In werklikheid moes die teenoorgestelde die geval gewees het. 'n Toordokter word gewoonlik gevrees omdat hy oor die bonatuurlike mag beskik wat hy ten goede of ten kwade teenoor die mens kan aanwend. Ja, Khaketla laat Malokobe 'n te groot rol in die twee werke speel, maar helaas sonder genoegsame motivering.

3.48 Waar Khaketla, myns insiens, byna goed geslaag het om sy karakter te teken, is wanneer hy die vrou en haar lot in 'n Sothogemeenskap uitbeeld. 'n Mens simpatiseer met Direko wanneer Malokobe haar met 'n groot leuen smeer terwyl haar man magteloos staan teenoor die smeerder. Die voorval tref haar baie diep, veral omdat sy goed weet waarom Malokobe so teen haar gekant is. Matete sterf sonder dat hy hierdie saak geregstel het.

3.49 Na Matete se dood, is die seun, Bulane, die een wat haar emosionele lewe totaal vernietig. Direko probeer om vir haar skoondogter by Bulane te pleit, maar alles is tevergeefs. Bulane neem sy vader se jongste vrou vir homself as vrou (ho kenela).

3.50 Ongelukkig hou Khaketla hierdie vrouens op die agtergrond. As hy vir hulle 'n belangriker plek in die toneelstukke gegun het, sou hy sekerlik goed daarin geslaag het om die lot van 'n vrou in 'n poligamiese huwelik uit te beeld. Die tema bied 'n deskundige wat met sy pen kan speel genoeg ge-

leentheid om dit te doen. Direko en Mosele, en die wrywing wat tussen hulle moes gewees het, moes sterker uitgekóm het as wat Khaketla gedoen het. 'n Mens kom dit sporadies teë waar die een die ander aanval of sleg sê as gevolg van die botsing tussen hulle twee seuns.

3.51 Die derde vrou, Pulane, teken Khaketla ver beter as die twee hierbo genoem. Pulane verkeer in 'n ware sielkundige botsing. Sy is verplig deur die Sotho-gebruik om deur Bulane „kenelwa“ te word. Voordat Matete heengegaan het, het hy vir Mohapi meegedeel dat hy vir Pulane sou versorg. Dit plaas vir Pulane in 'n konfliktsituasie. Sy was Matete se dierbare vrou-tjie en Matete het haar moontlik meegedeel dat Mohapi hom sou opvolg. Uit wat sy vir Mohapi sê, is dit duidelik dat sy hom bo Bulane verkies het. Maar as gevolg van die tradisie, is sy met Bulane getroud.

3.52 Om die wroeging in haar binneste te verskerp, laat Khaketla haar toegee aan Mohapi se wense. Sy word Mohapi se minnares. Dit open 'n weg vir 'n tweede konfliktsituasie in haar. Om haar liefde aan Mohapi te toon, versoek Malokobe haar om hulle te help in hul voorneme om Bulane te vermoor. Hierop antwoord Pulane kortaf en ernstig:

Rato leno le rekwang ka  
hlooho ya motho le tla  
ntlhola (p. 32).

(Daardie liefde wat met 'n mens se kop gekoop word gaan ek nie mee saam nie.)

Maar omdat sy haar rieme klaar styfgeloo<sup>p</sup> het deur Mohapi as 'n minnaar aan te neem, is sy verplig om die volgende oomblik haarself te weerspreek. Ons hoor:

Lerato leo ke ratang  
Morena Mohapi ka lona  
le feta leo a nthatang  
ka lona ha sekete (p. 33).

(Die liefde waarmee ek  
kaptein Mohapi lief het  
oortref ver dié waarmee  
ny my lief het.)

3.53 As sy dan vir Mohapi so lief het, soos sy beweer, is sy verplig om gehoor te gee aan sy eise. Maar die gedagte dat sy 'n hand moet hê in 'n komplot teen Bulane, teister haar baie. Nadat Malokobe vir haar die gif gegee het wat sy in Bulane se kos moes gooi, murmureer sy in haar isolasie oor die onnodige moord wat sy moet pleeg -- bloot omdat sy Malokobe en Mohapi se stuk gereedskap is. Wanneer Mohapi haar vra waarom sy so staan en murmureer antwoord sy:

Letswalo le hlila le ntlametse  
thoto, le re ke kene nthong  
eo ke sa e lokelang (p. 39).

(My gewete pla my. Dit  
vertel my dat ek in iets wat  
buitekant my is betrokke is.)

3.54 Sy verwyt haarself omdat sy dit toegelaat het om een van die vroue in 'n poligamiese huwelik te wees. Sy roep uit:

Le lenyalo, ke moleko wa meleko!  
See sethepu, ke moleko wa meleko! (p. 40)

(Hierdie huwelik, is 'n ware versoeking!  
Hierdie veelwywery, is 'n ware versoeking.)

Die spanning in Pulane laai op so 'n manier op dat sy vir 'n oomblik vergeet dat sy besig is met die gevreesde Malokobe. Sy bars woedend uit:

Tloha ho nna, moleko!  
 Ke re ke ka wena ke  
 ntseng ke lla tjee! (p. 40)

(Gaan weg van my af,  
 versoeker! Dit is as gevolg  
 van jou dat ek hier staan  
 en huil!)

3.55 Pulane verkeer waarlikwaar in 'n konfliktsituasie. Terwyl sy nog daar staan en treur, kom Bulane in. Nou moet sy ewe skielik voorgesê dat sy nie besig was om te huil nie. Bulane wil weet waarom sy so ongelukkig lyk, maar sy antwoord niks nie. Sy probeer om te glimlag om verdere vrae te vermy. In Pulane het Khaketla sonder twyfel goed daarin geslaag om vir ons die krisis van 'n vrou in 'n poligamiese huwelik uit te beeld.

## HOOFSTUK 4

DIALOOG

4.1 Beukes beweer dat die dialoog vir die dramaturg „die instrument geword (het) waardeur hy 'n hele menslike persoonlikheid in rus en in geweldige emosionele spanning moet uitbeeld". (Beukes, 1954, p. 18)

4.2 Hierdie instrument kan op baie maniere aangewend word om 'n karakter se persoonlikheid uit te beeld. Die dialoog, volgens Beukes behoort in die eerste instansie „'n frisse en spontane weengawe te wees van 'n gesprek tussen twee of meer persone, geskoei, wat die natuurlike en gemaklike oorskakeling van een spreker op 'n ander betref, op die lees van die werklike lewe." (Beukes, 1954, p. 18.) Vervolgens som ons Beukes se sienswyses aangaande dialoog soos volg op: Die drama behoort egter nie altyd op die werklikheid gebaseer te wees nie. Die kunstenaar moet uit die alledaagse lewe, die skoonste en betekenisvolste uitsoek, hulle verwerk en tot 'n vergeestelike idee verhoog. En alleenlik nadat hy dit bereik het, kan hy sy kunswerk aan die gemeenskap aanbied.

4.3 Verdere vereistes wat aan die dialoog gestel word, is dat dit gevoelvol moet wees. Dit moet die toeskouers se emosie tref sodat hulle in die spreker belangstelling sal hê. Dialoog moet ook duidelik wees. Duidelike dialoog het die voordeel dat die toeskouers die ontwikkeling van die toneelspel sonder moeite sal kan volg, en niks kwytraak wat die gang

van die gebeurtenisse mag verbreek of steur nie. Laastens behoort die dialoog onthullend te wees. Die spreekwoord lui: waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Ons kry 'n beter insig van die persoonlikheid van die mens deur na sy gesprek te luister. Daaruit kan sy karaktertrekke gesuggereer of openbaar word.

Die gesproke woord bly altyd 'n getuigenis van die geestestoestand van die spreker, en daarom kan niks anders nie, nie eens die handeling nie, soveel bydrae tot karaktervoorstelling en -uitbeelding soos die sinryke gesprek van een mens met 'n ander nie. Woorde is die oorbrugging van die mens se gemoedsiewe, daarmee verklaar hy sy oortuigings, probeer hy sy handelwyse regverdig. (Beukes, 1954, p. 19.)

4.4 Hierdie gedagte word verder deur Peacock bevestig. Hy gebruik wel 'n ander terminologie as Beukes, maar die betekenisinhoud kom op dieselfde neer. Hy sê:

It is a language that makes explicit both the external action and the driving motives. (Peacock, 1960, p. 168.)

4.5 Daar is twee probleme, aldus Brooks and Heilman (1948, p. 29) waarmee die dramaturg rekening moet hou, naamlik progressie en eksposisie. Progressie dui aan dat in elke toneel die dialoog 'n tweeledige doel moet dien. Eensyds behoort dit die situasie waarmee die toneel te doen het te ontwikkel. Andersyds moet dit ons stillietjies na die toekoms

lei — stilletjies maar vinnig want die mate van vryheid wat die prosaskrywer gewoonlik geniet, ontbreek by die dramaturg.

4.6        Wat eksposisie betref, wys Brooks en Heilman daarop dat die probleem van met die verlede te doen kry, waarmee alle skrywers van verhale te kampe het, gespesialiseerd raak wanneer die enigste middel dialoog is. Dit, beweer hulle, is die probleem van eksposisie, naamlik om ons met die agtergrondfeite en die beginsituasie vanwaar die hoofhandeling voort beweeg bekend te stel.

4.7        In Khaketla se Tholoana tsa sethepu kry ons die agtergrondfeite in die eerste bedryf, eerste toneel, in die gesprek tussen Matete en Malokobe. Die idee wat dadelik by die toeskouers se gedagtes posvat is dat Malokobe se storie nie behoorlik gemotiveer is nie. Thankga, een van sy raadsmanne, probeer om die kaptein (Matete) te waarsku om nie so gou 'n besluit te maak nie. Maar Malokobe vermaan hom ewe kwaai:

Kgutsa, Thankga! O lahla morena (p. 3)

(Bly stil, Thankga! Jy mislei die kaptein.)

En, asof hy met 'n kind praat sê hy aan die kaptein:

E nepahetse kahlolo, sebata! (p. 3)

(Die besluit is korrek, kaptein.)

4.8        Thankga, wat waarskynlik al lout geruik het in Malokobe se vermoede, swyg egter nie. Maar alles wat hy probeer sê, val op dove ore by Matete. Moontlik doen Khaketla

dit om die eksposisie van die werkie te verhaas.

4.9 Die indruk wat die toeskouers hier kry kan die beste deur die volgende sitaat bewys word:

A character must not sound  
like an orator reading from  
a prepared manuscript  
which does stick to the subject.  
(Brooks and Heilman, 1948, p. 30.)

4.10 Ons wil ons ore nie glo dat dit Matete is wat na  
geeneen se raad wil luister nie, behalwe dié van Malokobe.  
Thankga doen byvoorbeeld aan die hand:

Tshwanelo ke hore a eso ahlole  
A di batlisisa ka nama ya hae,  
A ba di fumane bctaba ba tsona,  
A tsebe ho etsa kahlolo ka toka (p. 3).

(Die regte ding is dat voor 'n besluit  
Hy self ondersoek moet instel,  
Totdat hy die waarheid daarvan  
verkry het, sodat hy op die regte  
manier kan oordeel.)

4.11 Indien Matete nie so 'n stereotipe karakter is wat  
lyk asof hy van 'n voorbereide manuskrip praat nie, moes hy  
vir 'n oomblikkie terugstaan en Thankga se voorstel oorweeg.  
Maar nee, hy gaan voort met sy besluit, en soos 'n regte swaap  
beweer hy:

Wena, Thankga, ka tsebe ke utlwile,  
Yame kahlolo ha e sa fetoha (p. 3)

(Jy, Thankga, ek hoor wat jy sê,  
Maar van my besluit gaan ek  
nie afsien nie.)

4.12 Khaketla skets in hierdie eerste toneel op geslaagde

wyse die probleem waaróm die botsing wentel, vir die toeskouers kortliks in poëtiese taal. Maar na hierdie goeie begin, verbreek hy die ontwikkeling van die handeling en die spanning wat hy in die eerste toneel bewerkstellig het. Die dialoog raak te saai. Hy voer ons na Majara se kraal en daar ontmoet ons Mafafa en Majara se raadsmanne, by name Kgwapha en Rankgo besig om gek onder mekaar te skeer oor die betekenis van die woord "ho ithoma" (om jouself te stuur) wat ook 'n eufemistiese betekenis het, naamlik om jouself te bevuil. Dit word gewoonlik in gesprekke oor babas gebruik. Daarna stry hulle oor die uitdrukking "ho dula majwe" (om op klippe te sit), "ho tshwara nyewe" (om 'n saak (hof) te vang). Hierdie toneel is nie funksioneel nie. Daar is geen dramatiese draagkrag in hierdie dialoog nie. Dit is te alledaags en niksbeduidend. Verder voer dit ons na geen rigting nie.

#### 4.13 Brooks en Heilman beweer:

A "natural" aspect of spoken  
intercourse is its tendency  
to introduce irrelevancies,  
to wander, to be very inclusive.  
But drama, as we have seen,  
parses material down to the  
minimum, and its dialogue  
cannot wander. (Brooks & Heilman, 1948, p. 30.)

Die sitaat som Khaketla se onvermoë om in hierdie toneel vir die toeskouers die regte dialoog te skep baie kragtig op.

4.14 Voortaan sloer Khaketla se dialoog in die tweede be= dryf, die eerste toneel, wanneer Mafafa gaandeweg met Matete se hoofvrou, Direko, oor heeltemal onnodige sake gesels. Dit

is eers teen die einde van die toneel waar die dialoog eens weer koers kry. Bulane praat met sy vriende wat ook sy tydgenote en toekomstige raadsmanne is. Uit hulle dialoog is dit duidelik dat hulle iets onheilspellends van die eerskomende vergadering vermoed.

4.15 In die tweede toneel is daar vir ons 'n ander ont-hulling. Malokobe, in sy gesprek met sy vriend Tladi, noem die motief van sy opgemaakte storie teen Direko -- Direko het geweier om sy „vriendin” te word. In hierdie gesprek slaag Khaketla goed daarin om vir ons 'n wreedaard vol wrok in sy hart goed uit te beeld. Sy woorde openbaar aan ons hoe wraak-sugtig hy (Malokobe) is. Die Sothospreekwoord lui: "bitsolebe ke seromo". ('n Slegte naam is iets wat onheil meebring.) Malokobe beklemtoon sy voorneme:

Lebitso la ka ke Malokobe,  
mme ke intshetsa malokobe  
ngwaneng wa hae (p. 21).

(My naam is Malokobe, en  
ek gaan my onheil op sy  
kind laat uitgiet.)

4.16 Treffend is die vers wat Malokobe uit die Bybel aanhaal nadat hy beken het dat hy mohetene ya hlooho e tala, ya tletseng letsoku ka ditsebeng is. ('n Roukop heiden, vol rooiklip in die ore):

Ke otle bana ka baka la  
bokgopo ba batswadi ba bona (p. 21)

(Ek besoek die misdaad van  
die vaders aan die kinders.)

4.17 Tipies van die heiden en sy bespotting met die Heilige Skrif, beweer Malokobe verder:

Kajeno ke e utlwisisa hantle  
 haholo, hoo ke bileng ke  
 bonang hore haese ke  
 sokolohe, hobane ho a  
 bonahala hore kereke e  
 dumella boiphetetso. (p. 21)

(Vandag verstaan ek dit (vers)  
 baie goed dat ek dit beter vind  
 dat ek my moet bekeer  
 want dit is duidelik dat  
 die kerk wraakneming  
 toelaat.)

4.18 Malokobe haal soos die Duiwel toe hy vir die Here versoek het, verse uit die Bybel aan, en beweer dat hy sy krag daaruit put. Hy wil Bulane oor sy moeder se ongeregtigheid laat seer kry.

4.19 Aan die begin van die derde bedryf is Matete in 'n alleenspraak gewikkel. Hy bevestig weer eens sy besluit oor sy opvolger. Omdat Bulane nie sy werklike kind is nie, gaan hy Mohapi as sy opvolger aanwys.

4.20 Die dialoog by Majara se kraal waar die manne besig is met 'n meulespel verbreek weer eens die ontwikkeling van die toneelspel. 'n Mens wonder waarom Khaketla hierdie toneel ingebring het. Die dialoog het geen verband met die gang van die gebeure nie. Dit is te gelokaliseerd omdat slegs diegene wat deelneem aan die spel onder mekaar praat en die spel alleen geniet. Die gehoor se belangstelling neem af omdat daar geen spanning en dramatiese draagkrag is nie. Oor die probleem van wydlopiegheid skryf Ould soos volg:

Nobody desires to hear on  
the stage the loose, meandering,  
disjointed, inconsequent,  
unco-ordinated speech of daily life.  
(Ould, 1948, p. 77.)

4.21       Afguns, wat dikwels 'n vername rol speel onder raads= manne, kom sterk na vore wanneer Mohapi sy vriende meedeel dat hy moontlik die erfgenaam en opvolger van sy vader sal wees.

4.22       Mohapi is taamlik opgewonde. Maar in sy gesprek met Kgang en Marora kan ons voel dat daar iets is wat haper. Hy is daarvan bewus dat sy vader besig is om onreg te pleeg. Dit is ook duidelik dat hy sy eie vrees koester omtrent hoe sy oom Majara die saak sal behartig en beslis. Die drie (Mohapi, Marora en Kgang) voel heelwat ontsteld oor die saak. Hulle wil eers 'n potjie bier wegslaan voordat hulle verder daaroor kan gesels.

4.23       Bulane, nadat sy vader hom meegedeel het dat hy en Mohapi vir Majara moet gaan besoek, praat met sy vriende — Kakana, Moleko en Mosesi. Hy wei nie veel uit oor die saak nie, maar die een of twee dinge wat hy daaroor te sê het sug= gereer veel meer. Sy gewete fluister aan hom dat daar iets onheilspellends aan die broei is. Moontlik het hy al iets van sy vader se voorneme verneem. Die volgende woorde be= vestig dit:

Empa ke utlwa letswalo la ka  
le hllie le sa dumele  
hantle hore molemo o tla  
hlaha leetong lena la ka (p. 35)

(Maar my gewete laat my nie

toe om te dink dat iets  
goeds uit hierdie reis gaan  
kom nie.)

4.24 Hoewel Bulane voorgee dat hy sonder 'n geldige rede onrustig voel, is ons van mening dat hy al iets van sy vaderse voorneme verneem het. Volgens sy twee vriende, Kakana en Moleko, is dit duidelik dat die gerugte langs die bierpotte gehoor word. Die moontlikheid dat selfs Bulane al iets daarvan weet, is nie uitgesluit nie.

4.25 Tipies van die deursnee Sotho, verklaar Bulane dat hoewel hy nie veel waarde aan drome heg nie, hy onlangs 'n snaakse droom gehad het, en hy wens om 'n verklaring daarvoor te kry. Wat sy vermoede meer versterk dat die droom vir hom iets inhou is dit:

Toro ena ke ile ka e lora  
makgetlo a mabedi, e ntse e  
le tjena feela, ho se le  
moo e fapohileng teng (p. 36)

(Hierdie droom het ek twee  
maal gedroom, presies soos  
hy was, sonder enige afwyking.)

4.26 Hier maak Khaketla op 'n geslaagde wyse gebruik van 'n algemeen bekende en aanvaarde geloof onder die Sotho dat drome dikwels die waarheid aandui of voorspel. Moleko probeer dit verklaar, en soos die toeskouer al klaarblyklik weet, gaan hy die voorvadergeeste in sy verklaring insluit; en dit doen hy:

Tlhaloso ya yona e bonolo  
haholo, morena. Badimo ba  
o supisa hore Mohapi  
o tsekisana borena le wena (p. 36)

(Die verklaring daarvan is baie maklik, kaptein. Die voorvadergeeste wys jou daarop dat Mohapi met jou oor die kapteinskap twis.)

4.27 Die toneel sluit af met die versekering deur Moleko, Mosesi en Kakana aan Bulane dat Mohapi 'n kaptein oor hulle dooie liggame sal wees. Dit gee Bulane moed en hy bevestig dit met die woorde:

Banna, mantswe a lona a  
tiisa monna mokolla. Le  
buile jwale ka banna (p. 37)

(Manne, julle woorde versterk  
'n man se rugmurg. Julle  
het soos manne gepraat.)

4.28 By die vierde bedryf ontmoet ons Bulane en sy moeder, Direko. Vir die eerste keer verneem hulle van Mafafa wat die ware toedrag van sake is. Myns insiens behoort hierdie bedryf 'n groot mate van spanning te bevat. Maar die wyse waarop Khaketla hierdie kritieke oomblik aan ons voorstel, is nie dramaties genoeg nie.

4.29 Die manier waarop Mafafa sy saak aan Bulane voorstel is vol emosionele spanning (Vgl. p. 38). Hier slaag Khaketla goed daarin om die spanning by sowel Bulane as die gehoor te laat oplaai. Bulane word stadig voorberei om 'n skok te ontvang wat hy al 'n geruime tyd vermoed het. Die toeskouers is gretig om te aanskou hoe Bulane daarop gaan reageer. Aan hulle is die waarheid al bekend. Maar nadat Khaketla die saak so goed na 'n kritieke moment gelei het, raak ons teleurgestel wanneer Bulane, nadat hy van sy lot verneem het, slegs

uitroep:

Ono, banna! (O sisa pelo.) Ke  
se ke le ya shweleng! (p. 41)

(O, mense! (Hy sug). Ek is al  
klaar dood!).

4.30 Mafafa en Bulane voer die gesprek verder en dit gee ons 'n beter insig in sy radeloosheid. Dat sy vader tot so 'n besluit kan geraak, het hom langelê. Sy radeloosheid neem toe wanneer Mafafa aan sy moeder verduidelik waarom Matete tot sodanige besluit gekom het. Aanvanklik is Bulane stom:

Ke fetohile semumu.  
Leleme la ka le  
rarehile (p. 41)

(Ek is soos 'n stomme; my  
tong sit vas.)

4.31 Maar namate hy langer oor die saak peins, raak hy opstandig, en die vegemosie laai op:

Hoo ke tla ho etsa ke ho  
sebetsa ka tsoho lena la ka;  
ho hlaba le ho bolaya ka  
lerumo la ka. (p. 41)

(Wat ek sal doen is om  
met hierdie hand van my  
te werk; om te steek en  
dood te maak met my  
assegaai.)

4.32 Die Sotho glo daaraan dat wanneer iemand die ander wil kwaad maak, hy hom oor sy moeder moet sleg sê. Dit is effektiewer as wanneer die uitdaging direk aan hom gemik is. Bulane reageer hier op presies dieselfde wyse. Hy is nie vereng of ontsteld omdat sy kapteinskap of erfreg bedreig word

nie, maar wel omdat sy moeder verneder word.

4.33 Direk se woorde of reaksie op wat sy van Mafafa hoor, is gepas en openbaar die Evasgeslag se karaktereienskappe wanneer iets hulle vererg. Sy wat deur die jare getrou was aan haar man voel dat alles tevergeefs is, en daarom roep sy uit:

Ho thusang ho tshepahala?  
 Ho thusang ho etsa motho e  
 mong hantle? Ho thusang  
 ho hlompha monna wa  
 motho? (pp. 41-42)

(Wat help dit om getrou te wees?  
 Wat help dit om iemand goed  
 te behandel? Wat help dit  
 om 'n man te eerbiedig?)

4.34 Onder Matete se raadsmanne skyn daar net een man te wees wat verstandig is, naamlik Thankga. Heel aan die begin toe Matete hulle van Bulane se saak vertel het, het hy hewig daarteen gestry, en wel met goeie redes. (Vgl. 1<sup>e</sup> bedryf, bladsy 3.) Tot dusver weet die toeskouers dat Matete nooit Malokobe se storie ondersoek het nie. Dit verbaas ons dan verder wanneer Matete hom steeds vererg as Thankga teen hom praat. Matete en Thankga se dialoog is hier veels te lank (Vgl. bladsye 44-46). Dit belemmer die vaart in die dramatiese handeling.

4.35 Die lang betoog van Thankga bring Matete tot nadenke. Wanneer Malokobe die antagonis vir Matete verder probeer aanhits om Thankga te laat swyg of om die lewe te bring, roep Matete telkens uit:

Butleng! Butleng bo! (p. 47)

(Wag julle! Wag julle tog  
asseblief!)

Terwyl Matete nog so verward daar sit en peins, kom Mafafa terug vanwaar hy gestuur was (van Majara). Matete laat dadelik sy woede op hom botvier:

Phauphau! setlaopa!  
mohotlwane! Molato keng  
ha o sa bue? (p. 47)

(Jou lomp, onnosel, niksnuits,  
waarom kan jy nie praat nie?)

4.36 Ons weet wel dat hy deur Thankga se teëpratery vererg is, maar diep in ons gedagtes verag ons hom dat hy homself deur Malokobe aan die neus laat lei. Thankga het iets tot sy bewussyn laat deurdring, maar omdat hy 'n tragiese figuur is, is hy nie in staat om Thankga se woorde te bevestig nie. 'n Ander moontlikheid is dit: omdat al die mag, dit wil sê wetgewend, administratief en juridies by die kaptein gesetel is, voel Matete verneder dat 'n onderdaan soos Thankga vir hom kan sê dat hy in sy handelwyse fouteer het. Maar hier maak Khaketla egter 'n tegniese fout. Hoewel Thankga 'n onderdaan is, is hy nie 'n gewone onderdaan nie — maar wel 'n raadsman. Dit is raadsmanne se vernaamste taak om hulle kaptein te alle tye van raad te bedien en by te staan waar nodig. Die saak van opvolging berus nie by die kaptein alleen nie. Die volk behoort daarvoor te beslis. Dit is dus nie oortuigend en gemotiveerd dat Matete vir Thankga so moet onderskat wanneer hy hom wil reg help nie.

4.37 Mafafa wat normaalweg as 'n ligsinnige bestempel word, opponeer ook vir Matete ten opsigte van Thankga. Malokobe en Tladi val hom telkens in die rede terwyl hy met Matete oor Thankga praat. Nadat hy sy sê gesê het, antwoord Matete hom kortaf:

Keletso ya hao ha ke ye  
le yona (p. 49)

(Jou raad neem ek nie aan nie.)

4.38 Wanneer Matete dit sê, dreig Mafafa om teen hom te werk en al die geheime te berde te bring. Matete raak so woedend dat hy hulle almal wegstuur. In sy monoloog gee hy te kenne dat hy uiters ongelukkig geword het sedert hy van Bulane se geboorte verneem het. Weer eens openbaar hy die tragiese element in homself.

4.39 Een van die dinge wat Khaketla in sy dialoog op 'n meesterlike wyse uitbeeld, is die jaloesie onder die vrouens in 'n poligamiese huwelik. Mohapi se moeder en haar skoon- dogter gesels met mekaar, en uit hulle gesprek duik die diep- gewortelde jaloesie op. Bulane se moeder word deur hulle be- skryf as die hoogmoedige wie se ouers gewone armlastiges was. Mohapi se vrou, Dipuo, wat ook sterk gekant is teen Bulane se vrou, val haar aan. Sy gebruik verkleinwoorde soos ngwetsana (skoondogtertjie) en sefeegana (kort en lelike) om haar teësin en venyn aan haar te betuig. Die gesprek tussen hierdie twee vrouens (Mosele en Dipuo) is deurgaans deurspek met bytende sarkasme, spot en jaloesie wat ons dikwels onder die vrouens

aantref. Khaketla kon die persoonlikheid van die vrouens nie beter uitgebeeld het nie.

4.40 In die 5<sup>e</sup> bedryf ontmoet ons Bulane en Mohapi by Majara se kraal. Die klimaks van die toneelstuk is nou op hande. Majara moet die saak van opvolging beslis. Mohapi, omdat sy vader hom al iets vertel het omtrent sy voorneme, is hoog in sy skik, en die arme Bulane — omdat hy nog in 'n mate in die duister verkeer aangaande die loop van sake — is meer verward en taamlik bedaad wanneer die sitting 'n aanvang neem. Die voorbarige Mohapi weet nie dat die berg 'n muis gaan baar nie. Maar vir die toeskouers is dit al 'n uitgemakte saak. Hulle wag net vir die oomblik om aan te breek dat reg sal geskied en Bulane sy regmatige plek en eer verkry. Hier slaag Khaketla daarin om die dramatiese ironie tot sy volle reg te laat kom.

4.41 Majara talm eers oor die saak voordat hy alles beslis. Mohapi juig hom telkens toe, en ewe sarkasties rek Majara die saak verder uit (Vgl. p. 58). Mohapi praat ewe hoogmoedig en met die volle versekering dat sake in sy guns staan. Nadat die teendeel plaesgevind het, aarsel hy nie om daarteen te protesteer nie. Maar die vrome Majara gebruik die stellings wat Mohapi self genoem het om sy mond daarmee te snoer. (Vgl. pp. 59-60.)

4.42 Peacock beweër oor die dramatiese dialoog:

It is the agent of the action,  
the plot, the tensions. It is  
an activated language,

implying constant movement, development, and changes in the feeling and the relations of persons. It is a language that makes explicit both the external action and the driving motives. Dramatic speech is thus the complete and adequate realization in dialogue of a tense situation between people. (Peacock, 1960, pp. 167-8.)

4.43 Die dialoog tussen Mohapi en Majara voldoen taamlik goed aan wat hierbo aangehaal is. Ons sal onthou dat Mohapi heelwat inligting gehad het oor die saak van opvolging lank voordat hulle na Majara gegaan het. Ons hoor hom ewe trots dit aan sy vriende sê:

Tshle re tla di bua ha  
ke se ke kgutla ha Majara,  
ke se ke fihla ke re: "Bashemane,  
marapo kajeno ke a ka, le  
boqoqolo ke ba lona" (p. 34).

(Alles sal ons bespreek as ek van Majara af terugkom en al kan sê: Kêrels, die teuels behoort aan my, en die voormanskap aan julle.)

Vir iemand soos hy wat so seker is van sy posisie, word die spanning, die teleurstelling en die skielike wending van sake glad te veel. Ons veronderstel dat hy homself vrae soos die volgende afvra: wat sal my vrou en moeder oor hierdie saak sê, en hoe sal hulle daaromtrent voel? Wat van my vriende aan wie ek met soveel trots en versekering gepraat het? Wat gaan my teëstanders nou sê, ens.?

4.44 Mohapi se verset en teëpratery help hom niks nie.

Ewe bedoord bevestig die oman Majara sy beslissing:

.... O tsebe hore ditabeng  
tsohle Bulane o tla thuswa  
ke setjhaba kaofela, hammoho  
le nna, haeba ke sa ntsane  
ke phela (p. 60)

(... jy moet weet dat in alle  
sake Bulane deur die hele  
volk gehelp sal word,  
insluitende ek, indien ek  
nog lewe.)

4.45 Na die klimaks ontwikkel sake vinniger as voorheen.  
'n Kwaai siekte val Matete ewe skielik aan. Sy hoofvrou,  
Direko, staan by sy siekbed, en soos menige vrouens teenoor  
hulle siek mans sou optree, hoor ons:

Ntate, na ekaba o ke  
ke wa bitsetswa ngaka? (p. 62)

(Pa, kan ons nie vir jou 'n  
dokter laat roep nie?)

Hierdie teken van goeie gebaar word met die woorde wat soos  
spykers deur 'n mens se hart gaan, beantwoord:

Na ekaba wena .....? Na  
ruri ke wena ya tlileng  
moo? Ditaba tsohle tsa  
bohloko ba ka o di  
tseba hantle moo di  
simolohileng teng; jwale  
o iketsa ya sa di  
tsebeng, ya nkutlwelang  
bohloko! Oho, tloha ka-  
pele! O ntotisetse bohloko!  
Tloha! Tloha! (p. 62)

(Kan dit jy wees? Kan  
dit regtig jy wees wat  
hierheen gekom het?  
Jy weet presies waar  
die oorsaak van my siekte  
lé; maar nou maak jy

asof jy nie weet nie, en  
 maak asof jy vir my  
 jammer kry! Gaan gou  
 weg! Jy vererger die pyn!  
 Gaan weg! Gaan weg!)

4.46 Die gerugte wat die afgelope weke die rondte gedoen het was al genoeg om Direko se gemoedstoestand te verpletter. Maar tot op hierdie stadium het sy nog uitgehou en gehoop dat sake herstel sou word. Die voorval kwets haar gevoelens so erg dat sy huilend daar uit gaan. En juis op hierdie stadium verskyn Matete se tweede vrou (Mosele). Sy maak dieselfde voorstel wat Direko enkele momente gelede gemaak het:

Hojane ha ya bitswa ngaka, ntate (p. 62)

(Pa, 'n dokter moet ontbied word.)

Hierop antwoord Matete bevestigend:

E bitseng (p. 62)

(Laat roep hom.)

4.47 Die volgende afleiding kan ons hier maak: dit is die vrugte van veelwywery. Die ouer vrou moet plek maak vir die jonger een voor die man se aangesig. Tweedens verblind die liefde wat 'n man teenoor 'n jonger vrou koester hom teenoor die werklikheid en die tradisie. Matete praat byvoorbeeld onsin en belowe Mosele die onmoontlike dinge:

Ntho ya pele, eo ke o  
 kopang yona, ke hore o hle  
 o phatlalatse ho setjhaba  
 taba ena ya borena ba  
 Mohapi, e le hore ka moso  
 se se ke sa re ha se a ka  
 sa jwetswa (p. 63)

(Eerstens wil ek jou vra  
om hierdie saak van  
Mhapi se kapteinskap aan  
die volk bekend te stel, sodat  
die volk oormore nie sal sê  
dat hulle nie meegedeel is nie.)

4.48 Hoe kan so 'n belangrike saak deur 'n nietige tweede vrou wat nie eers status in die samelewing het nie aan die volk bekendgemaak word? Volgens die Sothogewoonte het die vrou, al is dit die hoofvrou, geen seggingskap in sake van kapteinskap en opvolging nie. Die ou garde beslis alles sonder die medewerking van die vrou(ens).

4.49 Ould waarsku:

The words uttered by a  
character must be true to  
the whole conception,  
and the more they can  
reveal of the character  
without sacrificing credi-  
bility the better. (Ould, 1948, p. 77.)

Ons verwag dit van die tienerjariges om woorde soos die volgende in hulle kalwerliefde te gebruik:

Mme ke tla tseba, ke be  
ke kgolwe hore o fela o  
nthata ka lerato le lefubedu (p. 63)

(En ek sal weet, en glo  
dat jy my waarlik waar  
met rooi(warm) liefde lief het.)

4.50 Op raak en oortuigende wyse dui Khaketla die streke van 'n dolosgooier aan. Vir die toeskouers word die dialoog en die handeling van Phepheng, Mosele en Malokobe realisties daargestel. Telkens vang die een die ander se oog om Matete

te bedrieg. Toe Malokobe vir Phepheng gaan haal het, het hy hom alles meegedeel wat tussen Matete en sy vrou Direko gebeur het. Nadat Phepheng sy dolosse geprys het, beweer hy dat hul le vir die Direko as verantwoordelik vir Matete se siekte aanwys.

4.51 Wat die tragiese in Matete verder openbaar is die feit dat dit steeds Malokobe is wat sake so laat verloop. Hy het soveel vertroue in Malokobe dat hy nie kan insien dat hy en sy vriende hom om die bos lei nie.

4.52 Egskeiding was in die ou tyd iets ongehoords in die Sothogemeenskap. Wanneer Direko met haar skoondogter, Mookgo, gesels, kom dit duidelik uit dat sy so terneergedruk is dat sy maklik kon wegloop indien sy dit kon regkry. Maar weens

Lenyalo lena leo motho a  
tlamellwang ho lona le ha  
a sa bona hore le mo  
hlotse (p. 71)

(Hierdie huwelik waaraan  
'n mens vasgebind word al  
sien sy dat sy die stryd  
verloor het.)

moet sy aanbly.

4.53 Wat ons egter verbaas is dat Direko slegter voel omdat haar man haar 'n townares noem. Ons sou eerder verwag het dat Bulane se saak en die ontewing meer gewigtig op haar gevoelens sou gewees het. Maar aan die ander kant is dit vanweë die afkeer wat die Sotho gehad het van 'n townares. Dikwels is hekse uitgesoek en op gruwelike wyse om die lewe gebring.

4.54 Tipies menslik berus Direko en Mookgo in die wete dat

Modimo o ke ke wa ba wa  
dumella boletsana bo tjena (p. 71)

(God sal nooit sodanige skelmstreke  
toelaat nie.)

Hulle sluit hulle dialoog af deur 'n teksvers uit die Bybel aan te haal:

Ho lehlohonolo ba llang,  
hobane ba tla tshediswa (p. 71)

(Welgeluksalig is dié wat treur,  
want hulle sal vertroos word.)

4.55 Ten tye van nood wend die mens hom gewoonlik tot die Hoërhand, en smEEK om hulp. Hoewel Mookgo beweer dat hulle Christene is, is ons nie daarvan oortuig nie. Nêrens in die toneelstuk het ons verneem dat hulle belydende Christene is nie. Matete is 'n poligamis, en volgens die Christelike leer is soiets ongeoorloof. Die milieu waarteen die toneelstuk afspeel is tipies tradisioneel.

4.56 In die laaste toneel van die laaste bedryf het Khaketla heel goed daarin geslaag om handeling en dialoog saam te weef. Hy maak gebruik van 'n droom om 'n ontknoping van die toneelstuk te bewerkstellig en die stuk is emosioneel beslaai en fel dramaties.

4.57 Enkele minute voordat Matete die laaste asem uitblaas, kom Bulane en sy moeder in. Maar helaas is dit al te laat. Malokobe, Mohapi en Mosele het hulle sin gekry. Matete sterf sonder dat hy sy sake reggestel het.

## HOOFSTUK 5

MILIEUSKILDERING EN OPVOERBAARHEIDMilieuskildering

5.1 Minnaar skryf soos volg oor die milieuskildering:

Milieuskildering is 'n belangrike faktor by karaktertekening. Dit is daardie subtiele, soms onbepaalbare trekkies in spraak, gebaar, kleredrag, gewoontes en meubilering van die vertrek waaruit die toeskouer bewus word van die agtergrond van die karakters, hulle stand en opvoeding en die tydgees waarin die persone optree. (Minnaar, 1956, p. 146.)

5.2 Hierdie gedagtegang stem ooreen met wat Dekker noem onder die wese en eise van die drama:

Dit spreek vanself dat die dramaturg die gawe moet besit om sy karakters en tipes oortuigend, sielkundig waar, te kan teken in hulle eie milieu en hulle eie sielelewe moet laat lewe. (Dekker, 1947, p. 265.)

5.3 Khaketla slaag redelik goed daarin in sy Moshoeshoele baruti om die milieu vir ons te teken. In die heel eerste bedryf, eerste toneel word die Sotho "kgotla" aan ons voorgestel. In sy toneelaanwysing sê hy byvoorbeeld:

Banna ba bokane kgotla,

ba tenne ditsheya tsa  
dikonyana. Bahlankana  
ba leotsa marumo; ba  
bang ba betla dikotjane;  
ba bang ba seha dithebe;  
maqheku a loha disiu (p. 1)

(Die mans is saam by 'n  
kgotla, en dra deurtrekkers  
van lamsvel. Die jongmans  
maak die assegaai skerp;  
sommige berei kieres voor,  
die ander sny skilde uit;  
die oumanne vleg graanmandjies.)

5.4 Hier skilder Khaketla vir ons 'n tipiese tradisionele Sotho-agtergrond. Daar is geen leeglêery nie. Elkeen is besig om iets te doen, en uit die aard van die voorwerpe waarmee hulle besig is, maak hulle hulself gereed vir oorlogvoering. In die dialoog tussen Moshweshwe en Poshodi word hierdie vermoede bewys:

Morena, e se e le nako e  
telele haholo madi a sa  
tsholohe (p. 1)

(Kaptein, dit is al te lank  
dat die bloed nie vloei nie.)

Die kwaai droogte word hieraan toegeskryf. Die mense heg veel waarde aan die geloof aan die voorvadergeeste. Daar is droogte want die voorvadergeeste is ontevrede oor die vrede wat daar heers. Tipies van die tradisionele Sotho, word alles wat vir hulle onverklaarbaar is deur die badimo veroorsaak.

5.5 Wanneer 'n jagekspedisie onderneem word, moet die toordokter die wild upa (die veld waar hulle beweeg dokter). Waar sommige jagters soos byvoorbeeld die Boesmans, op hulle eie vlugheid en goeie jagmetodes staat maak wanneer hulle gaan

jag, glo die Sotho daarin dat sy medisyne die wild kan tem so= dat hulle hul baie maklik kan dood.

5.6 Op 'n dag verneem Moshweshwe en sy manne van die Griekwa dat oorlogvoering by hulle iets ongehoords is. Hulle reaksie hierop is:

A lefatshe la makwala!  
Bohle ba tsheba (p. 15)

(Aai, 'n land van lafaards!  
Almal lag.)

Mohale sê dit uitdruklik dat hy in so 'n land nie sal gaan woon nie.

5.7 Krotz verduidelik verder dat selfs die Hottentotte hulle nie meer aanval nie. Moshweshwe suggereer dat dit die geval is omdat hulle (die Griekwa) gewere besit, maar Krotz ontken dit. En volgens Poshodi moet dit die dihlare (kruie) wees. Terwyl Krotz nog verduidelik hoe hulle wapenrusting van vrede werk, raak Sebata en Mohau ongeduldig, en op neerhalende wyse beweer hulle:

..... batho bae ke diailane.  
Ha le utlwe ka moo eo e  
mong a ntseng a lora ka  
teng (p. 17)

(.... hierdie mense is onnoseles.  
Hoor julle dan nie hoe daardie  
een staan en droom nie.)

5.8 Namate Krotz die saak probeer verduidelik, raak dit al hoe meer duister vir die Sotho. Woorde soos baruti (predikante) en banna ba basweu (wit manne) is bokant hulle begripsvermoë. Vir hulle is die enigste witmense waaraan hul=

le kan dink die albinos. Om die agterstand in die Sotho se opvoedingspeil helderder te skilder, laat Khaketla sy karakters telkens vir Krotz in die rede val en bespot. Die see, skepe en oorsese lande is vir hulle heeltemal vreemd. Selfs die saak van die badimo en Modimo is vir hulle eners. Maar hier begaan Khaketla 'n groot fout. In paragrawe 3.7 - 3.11 is hierdie saak breedvoerig bespreek, en ons sal dit derhalwe nie weer herhaal nie. Ons kan dit miskien die beste opsom deur Dekker se woorde te gebruik:

hy (die dramaturg) moet nie sy  
persoonlike gevoelens en emosies  
aan hulle (die karakters) opdring nie.  
(Dekker, 1947, p. 265.)

5.9 Die onrus wat voor die koms van die sendelinge in Lesotho aan die orde van die dag is, word hier en daar mooi vir ons geskilder. Die Sotho betaal die sethabathaba ('n spesiale belasting) — ongeveer eenhonderd beeste — om die sendelinge te laat haal, maar dié word op pad deur die Hottentotte gebuit. Die tweede trop word ook gebuit. (Vgl. 2<sup>e</sup> bedryf, tonele IV en V.) Voordat die sendelinge by Moshweshwe aankom, loop hulle deur 'n afgebrande stat waar Mosala een van die Ngunikrygsmanne op 'n baie gruwelike manier vermoor.

5.10 Hierdie onrustige milieu word af en toe teenoor 'n rustiger een gekontrasteer, naamlik dié van eerwaarde Kolbe en sy gesin te Philippolis.

5.11 'n Ander aspek wat die milieu vir ons mooi uitbeeld is die waarde wat die tradisionele Sotho aan die bees geheg

het (Vgl. die sethabathaba-beeste). Aan die einde van die toneelstuk gee Khaketla ons 'n pragtige voorbeeld van milieu-skildering wanneer Moshweshwe sy dertig vrouens aan eerwaarde Casalis voorstel:

Ka moetlo wa Sesotho,  
 morena o tshwanela ho  
 nyala basadi ba bangata,  
 e le hore a tle a tsebe  
 ho fepa setjhaba sa hae (p. 94)

(Volgens die Sothogewoontes behoort die kaptein met baie vrouens te trou sodat hy in staat sal wees om die volk te voed.)

5.12 Die gedagte kan uitgespreek word dat dit in sommige opsigte jammer is dat veelwywery moes plek maak vir monogamiese huwelike. Vaderlose kinders was in die ou tyd onbekend. Omdat 'n man die vrymoedigheid gehad het om met soveel vrouens as wat hy nodig geag het te kon trou, het hy nie nodig gehad om te skroom, en te loop en kinders verwek wat hy nie versorg het nie. Die sendelinge het miskien, sonder om in die nodige besonderhede oor veelwywery in te gaan, die praktyk ontmoedig. As gevolg hiervan sit talle vroue en jongdogters vandag met buite-egtelike kinders wie se vaders onbekend is.

5.13 In Tholoana tsa sethepu en Bulane is die milieu nog eg dié van die Sotho, maar heelwat nuwe ontwikkelings het plaasgevind. Matete, die kaptein, het 'n spesiale hut waarin hy ontspan of alleen sit en peins. Daar is drie stoele in die hut. Sake word meestal in die hutte bespreek in teen-

stelling met Moshweshwe wat gewoonlik belangrike sake by die kgotla bespreek het. Dit is die jongste ontwikkeling by die Sothogemeenskap.

5.14 Matete se oom, Majara, wat vermoedelik aan die ouer geslag behoort, gebruik nog die kgotla om die sake van belang wat die volk raak te bespreek. Matete stuur sy gesant dikwels na Majara, en elke keer wanneer hy daar aankom, sit die manne by kgotla ha Majara. As hulle niks ernstigs het om te oorweeg nie, verdryf hulle die tyd deur te speel of oor allerhande onbenullige sake te gesels (Vgl. 1<sup>e</sup> bedryf, 2<sup>e</sup> toneel en 3<sup>e</sup> bedryf, 2<sup>e</sup> toneel).

5.15 Die Christelike godsdiens word op sommige plekke genoem, trouens die Sotho het al daarmee in aanraking gekom. Maar by nadere ondersoek, vind ons dat dit meestal as 'n bysaak bly. Die voorvadergees-aanbidding is nog deurslaggewend. Malokobe haal byvoorbeeld enkele verse uit die Bybel aan, maar dit is eerder 'n gespot as 'n weergawe van die werklikheid. (Vgl. Tholoana, p. 21.) Wanneer Direko in werklike stryd verkeer, wend sy haarself tot die Modimo en beweer

Modimo o ke ke wa dumella  
bolotsana bo tjena (Tholoana, p. 71)

(God sal sodanige skelmstreke  
nie toelaat nie.)

Of sy werklik 'n belydende Christen is, is sterk te betwyfel!

5.16 Tipies tradisioneel is die milieu waarteen die laaste toneel van die vyfde bedryf afspeel. Matete beweer dat die

badimo hom voorkeer en

difahleho tsa bona di  
matsutlatsutla (Tholoana, p. 75)

(hulle gesigte is gefrons).

Vir die toeskouers is dit 'n goeie geleentheid om 'n sug van verligting te slaak. Bulane gaan nou sy volle regte en voorregte geniet. Ja, sê die toeskouers, die badimo is altyd daar om teen sodanige wanpraktyke te waak! Ons voel meer getroos en bly, veral as ons aan Matete se woorde dink pas nadat hy Malokobe se storie gehoor het:

Le badimo ba heso, moo  
ba leng teng, ba bile ba  
ntse ba bososela, ba  
bobotheha feela (Tholoana, p. 27)

(Selfs ons voorvadergeeste, waar  
hulle is, is besig om te glimlag,  
en te skaterlag.)

Die badimo wys hom nou op hierdie misgissing en berispe hom kwaai daaroor.

5.17 Veelwywery wat ons in Moshoeshoe le baruti teëgekomp het, word steeds beoefen. Die tema van die werkie gaan juis daaroor. Dit gooi verdere lig op die tradisionele milieu, en voer ons na die gevolge daarvan in die volgende toneelstuk, Bulane.

5.18 In Bulane is die milieu meer modern as tydens Matete se leeftyd. In Bulane se kapteinshut vind ons die volgende meubels: 'n Klein ronde tafeltjie (koffie) en rondom drie sofas. Behalwe hierdie is daar ook hoër stoele langs

die muur. Dieper in die hut is daar twee gewere, twee asse-gaie, 'n oorlogsbyltjie en 'n skild. Teen die muur naby die deur is daar 'n rakkas met 'n slot. Wanneer die gordyn oop-gaan stap Bulane in, sluit die kas oop en haal 'n bottel brandewyn en 'n glas uit, en sit dit op die tafel neer. Hy trek sy stoel nader, maak die bottel oop, gooi 'n glasvol in en drink 'n bietjie daaruit. Nadat hy gedrink het, lek hy sy lippe af, stop sy pyp, kruis sy bene en begin rook.

5.19 So maak ons kennis met Bulane en die omgewing waarteen die stuk afspeel. Taamlik modern! Maar dit neem nie lank voordat ons 'n opregte Sotho vind met 'n tipiese Sotho-agtergrond nie. Uit Bulane se mond self verneem ons:

.... taba ena ya Pulane, ya  
ho mo kenela, ha ho ka moo nka  
e fetolang ka teng (p. 16)

(Daardie saak van Pulane,  
van ho kenela, kan ek op  
geen wyse verander nie.)

As sy vrou, Mookgo, langer met hom hieroor praat, antwoord hy kortaf:

Ha ke buile ke buile (p. 17)

(As ek gepraat het, dan het  
ek gepraat.)

5.20 Wanneer Mookgo sy aandag op die feit vestig dat sy 'n belydende Christen is, en daarom nie kans sien om in 'n poligamiese huwelik betrokke te wees nie, antwoord Bulane haar op 'n baie neerhalende wyse. Vir hom is die gebed van geen waarde nie. Selfs wanneer hy daaraan herinner word dat

hy gedoop is, slaan hy geen ag daarop nie. Die kerk is, volgens Bulane, goed wanneer hy hom nie die kanse ontsê om die Sothogewoontes en -praktyke te beoefen nie. Bulane wil graag by sy ou voorvadergeeste gaan aansluit wanneer hy te sterwe kom. Vir hom is 'n vrou 'n minderjarige wat hom niks wysen sal maak nie.

5.21 Per slot van sake eindig Bulane as 'n gelowige nadat hy die dood op 'n wonderbare wyse ontkom het. Vir die eerste maal word die vrou vir hom 'n volwasse mens met gevoelens en goeie raad te alle tye.

#### Opvoerbaarheid

5.22 Beukes beweer:

'n Drama is in die allereerste instansie bedoel om onder leiding van 'n goeie regisseur en deur goeie toneelspelers opgevoer te word. Om die waarde van 'n toneelspel dus te gaan bepaal bloot op sy meriete as „lees-stuk“ is gewaag en in die meeste gevalle onbetroubaar, want min mense besit die vermoë om 'n geskrewe of gedrukte toneelstuk suiwer en juis as verhoogwerk te kan beoordeel. (Beukes, 1968, p. 6.)

Verder doen hy aan die hand dat geen drama in boekvorm mag verskyn voordat dit eers op die verhoog uitgetoets is om te bepaal of hy opvoerbaar is al dan nie.

5.23 Hierdie siening word deur Boulton bevestig. Sy verwys na die drama as

literature that walks and talks before our eyes. It is not intended that the eye shall perceive marks on paper and the imagination turn them into sights, sounds and actions; the text of the play is meant to be translated into sights, sounds and actions which occur literally and physically on a stage. (Boulton, 1963, p. 3.)

Nadat Boulton ons aandag op die belangrikheid van die opvoerbaarheid van die drama gevestig het, noem sy enkele fisiese beperkinge wat hierdie kunsoort vir ons daarstel. Sy beklemtoon die feit dat

not everything that is material for literature can be material for drama, for not everything can be represented on the stage. (Boulton, 1963, p. 4.)

5.24 Die eerste beperking wat sy noem is dat die drama uitsluitlik oor menslike sake moet gaan, want dit moet deur mense opgevoer word. Vervolgens noem sy ander beperkinge soos die landskap, nie-menslike persoonlikhede, die diere-karakters, die see en die bewegende masjien. Al hierdie dinge kan op 'n manier wel op die verhoog voorgestel word, maar sal beslis nie die beoogde doel behoorlik dien nie.

5.25 Wanneer ons Moshoeshoe le baruti in oënskou neem,

vind ons dat Khaketla deur talle van die genoemde beperkinge vasgekeer word. Op bladsy 5 praat die skrywer van Lebopong la nokana (op die wal van 'n rivier); phuthang dipelesa (bring die lasdiere bymekaar) en letswapong (bergrif). Hier is dit klaarblyklik dat Khaketla nie die verhoog in gedagte gehad het toe hy hierdie omgewing en lasdiere in die werkie ingebring het nie.

5.26 By Sebata en Krotz se ontmoeting verneem ons dat Krotz-hulle na Lesotho oorgekom het om te kom jag. Hulle reis te perd en soek na wild. Moshweshwe se jagbende keer terug en sommige van hulle dipelesa (lasdiere) loop sonder enige drag (Vgl. p. 9).

5.27 Nadat Moshweshwe en sy raadsmanne van die sendelinge verneem het, is hulle gretig dat hulle na Lesotho moet oorkom. Moshweshwe roep sy volk bymekaar en ons hoor:

Ha le ka dumellana le  
nna ha ke re ho ntshwe  
sethabathaba, monna a tswe  
kgomo, re ka bokella dikgomo  
tse thibang letsatsi (p. 25)

(As julle met my kan saamstem dat 'n belasting gehaf moet word en elke man haal 'n bees uit kan ons baie beste bymekaar maak.)

En die volk antwoord:

Sethabathaba! Sethabathaba!  
Ha se tswe! Ha se tswe! (p. 25)

(Belasting! Belasting! Laat  
dit betaal word! Laat dit  
betaal word!)

Die volgende dag is Moshweshwe en sy manne by die kgotla.

Moshweshwe roep uit:

Jwale, monghadi Korotse, ke  
neela dikgomo tsena matsohong  
a hae ..... (p. 26)

(En nou, mnr. Krotz, oorhandig  
ek hierdie beeste aan jou .....)

5.28 Op pad word die beeste deur die Hottentotte gebuit,  
en wanneer die volk die tweede klomp bymekaar moet maak ver-  
neem ons dat die eerste trop ongeveer eenhonderd in getal was  
(p. 34). Die tweede sethabathaba word gou bymekaar gemaak  
en wanneer hulle gereed is, beveel Moshweshwe:

Mohale, bahlankana ke  
bao qhobang dikgomo le  
bona (p. 35)

(Mohale, daar is die  
jongmanne, jaag die  
beeste met hulle aan.)

Al hierdie voorvalle is veronderstel om op die verhoog plaas  
te vind!

5.29 Behalwe hierdie voorval van lewende diere, kom daar  
ander beperkinge in die toneelstuk voor. Die sendelinge, op  
pad na Lesotho, kom op 'n stat af wat die vorige dag afgebrand  
is. (Vgl. 3<sup>e</sup> bedryf, toneel III.) Daar is ruïnes, die  
hutte/huise is afgebrand, die mure ineengestort en orals sien  
'n mens lehoko la jwang bo tjhelang (swart as van die afge-

brande gras). 'n Mens wonder hoe Khaketla veronderstel het dat al hierdie dinge op die planke gebring sou kon word!

5.30 Boulton wys verder op die feit dat

Extreme deformities or injuries and revolting disease cannot be shown on the stage as they would shock the spectators too much ....  
(Boulton, 1968, p. 7.)

Terwyl die drie Franse sendelinge, Casalis, Gosselin en Arbousset nog daar by die ruïnes staan en mekaar talle vrae afvra, kom hulle op 'n gewonde Ndebele krygsman af. Voordat hulle enigiets vir hom kan doen om sy leed te versag, kom Mosala op die toneel:

Bee! o sa ntsane a  
kunyakunya! Ke tla mo  
ruta .... (O rwala pitla  
hlohong.) Letabolatsebe  
towe! (O mo pjhatla lehata  
ka lejwe) (p. 49)

(Ja! hy beweeg nog! Ek  
sal hom 'n les leer ....  
hy dra 'n yslike klip  
op sy kop .... Jou  
venster-oor! .... hy verbrysel  
sy kop met die klip.)

Arbousset probeer om hom te keer, maar hy breek los en

o mo pitla hape. "Nka,  
Mokone towe" (p. 49)

(hy verbrysel hom weer.  
"Dá, jou nare Nguni!")

Is daar iets gruwelikers as dit om die toeskouers te skok?

5.31 'n Verdere tekortkoming in hierdie werkie is die talle kort tonele. (Vgl. 1<sup>e</sup> bedryf, toneel II, 2<sup>e</sup> bedryf, toneel II, 4<sup>e</sup> bedryf, toneel II.) Boulton maak beswaar teen sodanige kort toneeltjies want

when modern scenery is used  
the scene cannot be changed  
without lowering the curtain,  
interrupting the action of the  
play and breaking the  
illusion by the clatter  
and bustle of scene-shifters.  
(Boulton, 1963, p. 7.)

5.32 Ons is wel daarvan bewus dat sommige van die voorafgaande beperkinge gesuggereer mag word wanneer die toneelstuk opgevoer word, maar Khaketla dui sodanige suggestie nêrens in sy werk aan nie. So neem ons aan dat hy geen rekening daarmee gehou het toe hy die toneelstuk geskryf het nie.

5.33 Behalwe die voorafgaande swakhede, is die werkie goed en kan tydens stamfeeste opgevoer word om die mense 'n kykie te gee in 'n gedeelte van Lesotho se geskiedenis.

5.34 Tholoana tsa sethepu en Bulane vergelyk heelwat beter as Moshoeshoe le baruti. Dit is miskien vanweë hulle tema. Khaketla belemmer egter telkens die vaart van die gebeurtenisse deur niksseggende tonele in te voeg. (Vgl. 1<sup>e</sup> bedryf, 2<sup>e</sup> toneel, 2<sup>e</sup> bedryf, 1<sup>e</sup> toneel, 3<sup>e</sup> bedryf, 2<sup>e</sup> toneel in Tholoana tsa sethepu.) Sy dialoog is soms te lank en niksbeduidend.

5.35 'n Ander swakheid in hierdie werke wat die speelbaarheid daarvan minder suksesvol kan maak, is die afwesigheid

van die dramatiese spankrag. Die nodige botsende situasies word wel daargestel, maar Khaketla slaag nie daarin om die nodige spanning te behou nie. En tog vind ons enkele insidente waar die gehoor heelwat geboei kan word vanweë die handeling wat Khaketla daarstel. Ons dink byvoorbeeld aan die voorval van Bulane en Mohapi by Majara se plek; Pulane, Malokobe en Mohapi wanneer hulle haar probeer ompraat om Bulane te vergiftig/vergewe; die oomblik kort voor Malokobe-hulle se onverwagte dood.

## HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 Ons het in die voorafgaande hoofstukke daarop gewys dat 'n toneelstuk beskou moet word as iets wat nie gelees hoef te word nie, maar wel opgevoer moet word. Dit kan ons nouliks beweer van Khaketla se Moshoeshoe le baruti. Khaketla het wel die nodige botsing daargestel, maar die uitbeelding daarvan laat veel te wense oor.

6.2 Wat karaktertekening betref, kry ons die gevoel dat hy die Sotho uitbeeld soos 'n vreemdeling dit sou doen, en nie as 'n Sotho self nie. Dit is nie te betwyfel dat Khaketla hom deur die geskrewe geskiedenis laat lei het nie. 'n Goeie bewys hiervan is die saak oor die Modimo en badimo wat ons breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek het.

6.3 'n Ander swakheid in hierdie werk, is die skrywer se onvermoë om die innerlike botsinge van sy karakters vir ons duidelik uit te beeld. Moshweshwe was uit die aard van die saak 'n ware Sotho. Soos Becker (1969, pp. 14-24) van sy jeugjare verhaal, moes hy op een of ander stadium tot nadenke gekom het en besluit het om voortaan sy medemense mooi te behandel. Dit sou miskien goed gewees het indien Khaketla dit êrens aangedui of gesuggereer het.

6.4 Wat ons vermoede hierbo verder ondersteun, is die talle insidente wat ons in hoofstuk 5 genoem het wat die stuk moeilik opvoerbaar maak. Daar is byvoorbeeld te veel ver-

skuiwing van die een omgewing na die ander. Khaketla verhaal van diere, jagbendes wat te perd gaan jag, oorlogsvelde waar statte en hutte afgebrand word, en die mure ineenstort.

6.5 In die ander twee werke, Tholoana tsa sethepu en Bulane, toon Khaketla 'n merkwaardige verbetering in sy poging om toneelstukke te skryf. Die nodige botsing is daargestel en taamlik goed ontwikkel. Ongelukkig word die klem dikwels nie op die regte karakters of gebeurtenisse gelê nie. Die tema gaan oor die vrou in 'n poligamiese huwelik. Maar, behalwe Pulane, word die leed van ander vrouens wat deur veelwywery geraak word, nie na wense uitgebeeld nie. Ons voel glad nie tevrede dat Direko wat so veronreg is deur Malokobe, stilswyend voortgaan en slegs hier en daar 'n woord of twee sê nie. Ons sien baie min van haar innerlike botsings. Sielkundig ontroer sy ons glad nie. Mookgo en Pulane aan die ander kant, boei ons aandag en voer ons mee om met hulle in hulle lot te simpatiseer. In die geval van Mookgo slaag Khaketla daarin om vir ons 'n Sothoman en sy opvatting aangaande die vrou se status goed te skets. Die Sotho kan hom nie deur 'n vrou se raad laat lei nie. Sy is 'n minderjarige en behoort slegs die man se bevele te gehoorsaam en uit te voer.

6.6 Pulane se sielestryd word ook heeltemal oortuigend vir ons uitgebeeld. Haar onbestendigheid word bewys deurdat sy dit toelaat dat sy met 'n ou man Matete moet trou. Na Matete se dood is sy in twyfel of sy vir Mohapi of Bulane moet aanhang. Selfs nadat sy Bulane bo Mohapi gekies het, laat sy dit toe dat Mohapi iets met haar te doen moet hê. Elke keer

nadat sy in 'n strik geval het, verkeer sy in 'n hewige innerlike konflik wat die toeskouer gaandeweg boei.

6.7 Maar wat die manskarakters wat ons oppervlakkig as hoofpersone mag beskou, betref, misluk Khaketla heeltemal om hulle lewendig en aantreklik vir ons te teken. Hulle is gewone skurke wat dwarsdeur die toneelstukke staties is. Dit is die geval omdat Khaketla nie die nodige vermoë het om hulle handelingte behoortlik te motiveer nie. Ons dink hier veral aan Matete wat van die begin tot die einde van die boek deur Malokobe gemanipuleer word. Nêrens slaag hy daarin om iets teen Malokobe te doen of te sê nie. So 'n kaptein is iets onbekends in die Sothogemeenskap.

6.8 Die twee werke is opvoerbaar. Daar is ongelukkig enkele tonele wat vaag en niksbeduidend is. Dit is jammer dat Khaketla so 'n afwyking in sy werke toegelaat het. In Bulane is daar enkele dinge wat miskien mag hinder wanneer dit opgevoer moet word. (Vgl. Die toneelaanduiding in die 1ste bedryf, 1ste toneel.)

6.9 Khaketla oortuig ons as 'n man wat sy mense goed ken. Hy ken hulle taal, gewoontes en gebruike. Hy weet ook hoe hulle dink en reageer onder verskillende omstandighede. Hy skets vir ons die ewels van veelwywery op baie geslaagde wyse. Maar nogtans voel ons dat met hierdie stof, 'n goeie deskundige iets ver beters kon gedoen het.

BIBLIOGRAFIEA. OORSPRONKLIKE WERKEKHAKETLA, B.M.

MOSHOESHOE LE BARUTI. Morija, 1947

KHAKETLA, B.M.

THOLOANA TSA SETHEPU. Johannesburg, 1954

KHAKETLA, B.M.

BULANE. Johannesburg, 1958

B. GERAADPLEEGDE LITERATUURARCHER, W.

PLAY-MAKING; A MANUAL OF CRAFTSMANSHIP. New York, Dover, 1960

ASHTON, H.

THE BASUTO. London, 1967

BACON, W.A. & BREEN, R.S.

LITERATURE AS EXPERIENCE. New York, London, 1959

BECKER, P.

HILL OF DESTINY, THE LIFE AND TIMES OF MOSHESH, FOUNDER OF THE BASOTHO. London, 1969

BENTLEY, E.

THE LIFE OF THE DRAMA. London, 1969

BEUKES, G.J.

WOORD EN MASKER. Pretoria, 1968

BEUKES, G.J.

DIE MODERNE EENBEDRYF, Pretoria, 1954

BOULTON, M.

THE ANATOMY OF DRAMA. London, 1963

BROOKS, C. & HEILMAN, R.B.

UNDERSTANDING DRAMA. New York, Chicago, San Francisco, Toronto, 1948

CLARK, B.H.

EUROPEAN THEORIES OF THE DRAMA. New York, 1957

DEKKER, G.

AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS. Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, 1947

GROVÉ, A.P. & BOTHA, E.

HANDLEIDING BY DIE STUDIE VAN DIE LETTERKUNDE. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth en Pietermaritzburg, 1966

HUNTER, M.

REACTION TO CONQUEST. London, 1936

KRIGE, E.T.

THE SOCIAL SYSTEM OF THE ZULUS. Cape Town, 1936

KUNENE, D.P.

HEROIC POETRY OF THE BASOTHO. London, 1971

LUCAS, F.L.

TRAGEDY. London, 1957

MINNAAR, L.C.

J.F.W. GROSSKOPF AS DRAMATURG. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1956

OULD, H.

THE ART OF THE PLAY. London, 1948

PEACOCK, R.

THE ART OF DRAMA. London, 1960

SCHAPERA, I.

THE BANTU SPEAKING TRIBES OF SOUTH AFRICA. London, 1937

STYAN, J.L.

THE DRAMATIC EXPERIENCE. London, 1965

THOMPSON, A.R.

THE ANATOMY OF DRAMA. Berkeley, California, 1946

VAN WYK LOUW, N.P.

'N WÊRELD DEUR GLAS. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1958

WELLEK, R. & WARREN, A.

THEORY OF LITERATURE. London, 1955

C. GERAADPLEEGDE TYDSKRIFTE

BENNETT, J.

WRITING THE PLAY, Swaziland Teacher's Journal, October/November, 1970

CONRADIE, P.J.

DIE NOODLOT IN DIE DRAMAS VAN LEIPOLDT - 'N VERDERE POGING. Tydskrif vir Letterkunde, Vol. 12, 1962

DEKKER, G.

ONS GROOTSTE DRAMATURG. Die Huisgenoot, 6 Desember 1940

DHLOMO, H.I.E.

NATURE AND VARIETY OF TRIBAL DRAMA. Bantu Studies, Vol. XIII, 1939

GROVÉ, A.P.

C.L. LEIPOLDT: DIE LAASTE AAND. Ons Eie Boek, Jaargang 17, Nr. 1, 1951

HUGH, T.

SOTHO FOLK MUSIC. Lesotho, Vol. 2, 1960

LESTRADE, G.P.

BANTU PRAISE POEM. The Critic, Vol. IV, No. 1, October, 1935

SCHEUB, H.

SOME INTERPRETATIVE APPROACHES TO THOMAS MOFOLO'S CHAKA. African Studies, Vol. 29, No. 4, 1970

VILAKAZI, B.W.

THE CONCEPTION AND DEVELOPMENT OF POETRY IN ZULU. Bantu Studies, Vol. XIII, June, 1938

WILSON, G.

NYAKYUSA CONVENTIONS OF BURIAL. Bantu Studies, Vol. XIII, 1939

SUMMARY

The dissertation is a critical evaluation of B.M. Khaketla's three plays, namely Moshoeshoe le baruti (1947), Tholoana tsa sethepu (1954) and Bulane (1958). Khaketla is one of the first Sotho authors to attempt play-writing, and did it with reasonable success.

In the introductory remarks reference is made to the motives and themes in Khaketla's works. In Moshoeshoe le baruti the author states clearly that the motive is "ho sa na le sekgeo se seholo dibukeng tsa Sesotho, se tshwanetseng hore se thijwe". (p. vii). In Tholoana tsa sethepu and Bulane Khaketla seems to be inspired by the problems brought about by polygamy in a changed semi-modern Sotho society.

As regards the theme, in the first play, we have the arrival of the first missionaries (French) in Lesotho and some of the problems they encountered. In the other two the theme is polygamy and the ho kenela practice.

In the subsequent chapters a critical analysis of the following is made:

(a) The dramatic conflict

In Moshoeshoe le baruti a clash between the traditional and modern way of life is brought out in a fairly convincing manner. The Basotho, including their chief,

Moshweshwe, represent the traditional side, and the French missionaries, viz. Casalis, Gosselin and Arbousset including Kolbe and his family at Philippolis represent the modern side. There is a conflict of ideas, values, mental and social development and environmental experience. In certain instances the author is inclined to exaggerate certain ideas.

In the other two plays the conflict is between men and women in a polygamous union. Here we are mainly impressed by the inner conflict displayed by some women characters.

(b) Characterization

A few characters chosen for a closer look are poorly portrayed by the author. They are fairly static and flat. Even a great character such as Moshweshwe is presented to us in a most unsatisfactory manner. The reason for this failure might be attributed to a lack of motivation in their actions and speeches. Among a few women chosen, only Mookgo and Pulane capture our attention. Their inner emotions are brought out in a fairly convincing manner.

(c) Dialogue

Khaketla's dialogue can be regarded as a contributory factor to the poor character-portrayal referred to above. In the main it consists of everyday speech leading to no definite course. It is also full of irrelevancies and this breaks the

continuity of the development of the plot. It is only when Khaketla depicts the plight of a woman that his dialogue makes some impression on the audience.

(d) Milieu and Stageability

The milieu in the three plays is that of the traditional Basotho in Lesotho. In Bulane there are traces of the modern setting, but the traditional is still predominant.

Regarding the stageability of these works, it is evident that Khaketla did not have the stage in mind when he wrote them. This is more apparent in the first play. The author's main desire was to have a play in Southern Sotho published. He therefore neglected some basic requirements of the stage. He has for example live animals, hunting expeditions, wars and plunderings. These cannot be presented successfully on the stage.

The other two do not involve many complications and may be staged successfully. The few irrelevant scenes included (in Bulane) might hinder the development of the story.

Conclusion

Khaketla's knowledge of the Sotho language, his people and their customs and beliefs is commendable. His works have been an incentive to the other Sotho playwrights, and today we have a reasonable collection of Southern Sotho plays of a fairly high standard.